

## HOOFSTUK 4

### DERDE BEDRYF: 'n STEWIGE VESTING WORD GEBOU

#### 4.1 Inleiding

Uit die datums van wanneer Wellhausen sy gedeeltes in die *Die Composition des Hexateuchs* voltooi het, is dit duidelik dat dit elke keer gebeur na die einde van 'n wintertermyn. Wellhausen begin in die winter van 1872/73 met Genesis en in 1874/75 met die res van die Pentateug (Smend 2007:95). Hy voltooi *Composition des Hexateuchs* in 1876/1877. Met die termyn wat in volle swang was en sy verpligtinge teenoor sy studente en die universiteit, het hy nie baie tyd gehad om aan sy eie navorsing aandag te gee nie. Wanneer die winter met sy wintervakansie aanbreek, was dit 'n gulde geleentheid en het Wellhausen sy eie werk met ywer voortgesit. In 1878 het Wellhausen (Smend 2007:95) sy *Composition des Hexateuchs* uitgebrei met 'n kritiese ondersoek na die boeke van Rigters, Samuel en Konings en verskyn die volledige werk onder die titel *Die Composition des Hexateuchs und der Historischen Bücher des Alten Testaments*. 1878 word ook die jaar waarin hy sy werk *Geschichte Israels 1*, skryf.

#### 4.2 *Geschichte Israels 1*

Wellhausen baseer sy geskiedenis van Israel op die inligting wat hy ingesamel het nadat hy die bronne gegroepeer het. Hy gebruik ook die Bybelse tekste waar dit historiese inligting oordra. Hy verdeel sy geskiedenis van Israel in sestien tydperke:

- i Die begin van die nasies
- ii Die vestiging in Palestina
- iii Die begin van die koninkryk en die eerste drie konings
- iv Jerobeam I tot by Jerobeam II
- v God, die wêreld en die lewe van die mense in ou Israel

- vi Die val van Samaria
- vii Die bevryding van Juda
- viii Die profetiese reformasie
- ix Jeremia en die vernietiging van Jerusalem
- x Gevangenisskap en restourasie
- xi Judaïsme en die Christendom
- xii Die Hellenistiese tydperk
- xiii Die Hasmoniese Ryk
- xiv Herodes en die Romeine
- xv Die Rabbyne
- xvi Die Joodse Diaspora

Hoe hy hierdie geskiedenis geskryf het, is belangrik daarom word daar in meer besonderhede hierna gekyk.

#### 4.2.1 Die begin van die nasies

Wellhausen brei geensins uit op die verhale van die aartsvaders en hulle historisiteit nie. Volgens Albertz (1994:27) ontken Wellhausen die historisiteit van die aartsvaders en daarom sê hy niks daaroor nie (vgl. Liverani 2003:258-260 vir soortgelyke siening). Uit Wellhausen (2004:290) se geskiedenis van Israel toon hy aan dat die Ou Testament ons wys dat Israel, Edom, Moab en Ammon vroeër 'n verbintenis met mekaar gehad het. Wellhausen kry hierdie inligting uit Genesis 25:23, 30 (Jakob en Esau) en Genesis 19:36-38 (Ammon en Moab – Lot se seuns). Uit die stam van Israel het 'n groep Hebreërs, eeue tevore in die landstreek van Gosen gaan woon (vgl. ook Wellhausen 2004:10-11). Mettertyd het hulle onder druk van die Egiptenare begin deurloop en is hulle onderwerp aan slawearbeid wat hulle vryhede al hoe meer ingeperk het. Dit het egter tot 'n einde gekom toe Moses hulle uit Egipte uitgelei het en hulle in die omgewing van Kades gaan woon het. Hier het hulle steeds met hulle nomadiese leefstyl voortgegaan.

Hierdie uittog uit Egipte het volgens Eksodus 12:40-41 plaasgevind nadat die Israeliete 430 jaar in Egipte was. Volgens Eksodus 12:51 word die paasfees ook presies op die dag gevier wat die Israeliete uit Egipte getrek het (vgl. Noth 1963:80-81 vir die herinterpretasie van die paasfees en sy oorspronklike gebruik). Volgens Wellhausen (2004:290) het die uittog 480 jaar voor die bou van Salomo se tempel plaasgevind en 960 jaar voor die einde van die Babiloniese ballingskap. Hierdie getal het hy gekry uit 1 Konings 6:1. Dit beteken dat die uittog dan dateer uit die vyftiende eeu voor Christus (vgl. ook Young 2006:80-81).

Volgens Bright (1981:123) veroorsaak hierdie datering egter probleme omdat dit met ander gegewens en daterings in konflik is. Hy verklaar die teenstrydigheid aan die hand van die simboliese gebruik van die getal veertig deur die skrywers. Wanneer daar met die generasies gewerk word dan is daar twaalf geslagte vanaf die uittog tot en met Salomo. As 'n geslag gereken word as vyf en twintig jaar dan bring dit die getal jare op driehonderd te staan. Dit beteken dan dat die uittog in die middel van die dertiende eeu voor Christus geplaas kan word. Hierdie datering is nie presies korrek nie maar word as die mees waarskynlike datum beskou. Hierdie stam van Israel het dus mettertyd met van die ander stamme saamgesmelt om 'n groter stam te vorm. Om 'n vaste datum aan die uittog te koppel is dus nie vandag meer moontlik nie (Görg 2011:2).

Oor Israel se omswerwings in die wildernis kan daar nie met veel sekerheid uitsprake gemaak word nie. Die plekname wat genoem word, is baie moeilik om te identifiseer en histories aan Israel te koppel (Bright, 1981:124). Numeri 32:13 vermeld dat Israel vir veertig jaar in die woestyn sou moes rondswerf sodat almal wat hulle skuldig gemaak het aan die verering van die goue kalf, eers moes sterf. Die geslag daarna sal dan die beloofde land mog binnegaan. Volgens Wellhausen (2004:291) kan dit nie as 'n historiese verklaring gebruik word waarom Israel só lank in die woestyn vertoef het voordat hulle Palestina binnegegaan het nie. Dit was eerder die aanval van die Amoriete op die Ammoniete en die gevolg daarvan op die gebied van die Moabiete wat Israel genoop het om in te gryp en die Ammoniete te help om die Amoriete te verslaan.

Omrede Israel 'n noue band met Ammon, Edom en Moab gehad het, het hy moreel verplig gevoel om in te gryp. Omdat die Amoriete verslaan is, is hulle gebied ingeneem en beset Israel die gebied in die suide tussen Ammon en Moab.

Na Wellhausen het daar hoofsaaklik drie teorieë ontstaan oor hoe die land ingeneem is. Moshe Weinfeld (1993:101-120) beskryf hierdie drie teorieë as (vgl. ook Grabbe 2000:206-208):

i Die benadering van die Albright-argeologiese skool

W.F. Albright (1942:95-110) wou deur argeologiese opgrawing die intog van Israel in Kanaän aan bepaalde gebeurtenisse en datums koppel (Hendel 1987:19-21). Die boek Josua vertel vir ons baie verhale van hoe Israel die stede ingeneem het in Kanaän en hoe die inwoners vernietig en uitgedryf is. As dit wel die geval is, behoort dit gestaaf te word uit argeologiese opgrawings van die dertiende eeu voor Christus. Die argeologiese opgrawings van die stede Lagis, Debir, Bet-el en Eglon het aangetoon dat hierdie stede in die dertiende eeu voor Christus vernietig is. Of dit egter aan die hand van Josua en sy manne plaasgevind het, is onwaarskynlik. Een ding is wel duidelik uit die argeologiese opgrawings aangaande die dertiende eeu en dit is dat hierdie tydperk deur hewige gevegte en oorloë tussen stamme gekenmerk is (vgl. Deist 1984:103-104; Robberts 1966:235-239).

ii Die Alt en Noth skool

Alt en Noth (1972:86-87) het beweer dat die inname van die onbewoonde gebiede van Galilea, Efraim en Juda in Kanaän deur die Israeliete, hoofsaaklik plaasgevind het sonder enige gevegte. Dis eers nadat daar met verloop van tyd met die ander volke in aanraking gekom is dat gevegte vir die toeëiening van die land plaasgevind het. Opgrawings van stede soos Jerigo en Ai het ook aangetoon dat hierdie stede se mure nie vernietig is nie, soos wat in die Bybelse weergawe van hierdie verhale berig word nie. Hierdie gedeeltes is waarskynlik etiologiese vertellings wat die verwoesting en ruïnes van hierdie stede wou verklaar. Uit argeologiese opgrawings van die heuwels van Efraim, Galilea en Juda is dit duidelik dat daar tydens die twaalfde eeu voor Christus 'n geweldige toename van inwoners in hierdie gebied plaasgevind het, wat

dus hierdie teorie van 'n geleidelike en vreedsame intog, ondersteun (vgl. ook Albertz 1994:27; Thompson 1994:81-90).

### iii Die Mendenhall-Gottwald skool

Hulle het beweer dat die intog 'n stelselmatige verandering deurloop het wat die gevolg was van 'n opstand teen die Kanaänitiese heersers wat swaar belastings op die nuwe inwoners geplaas het. Die Israeliete kom hierteen in opstand. Die opstand word vanweë hulle verbond met *Jahwe* wat hulle 'n land belowe het ideologies versterk. Die inwoners van die land het geen ander keuse gehad as om deur die Israeliete oorgeneem te word en hulle versmelt mettertyd met die volk Israel. In Josua 24 sien ons dat Josua dan ook 'n verbond sluit met al die inwoners van die land dat hulle van nou af net die God van Israel sal aanbid en dien (Brandfin 1981:100-110; Brueggemann 1979:162-168; Hauser 1978:2-19; Milgrom 1982:169-176).

Die vestiging van Israel in Kanaän het dus oor 'n lang periode plaasgevind en daar is weinig tot geen historiese bewyse wat die teendeel bewys of wat 'n eenmalige intog veronderstel soos dit in Eksodus en Josua geskets word nie. Die Israel van wie hier gepraat word, is ook nog nie die Israel wat uit twaalf stamme bestaan nie. Van die kleiner stamme wat saam met Israel die gebied bewoon het, het mettertyd deel van Israel geword. Wellhausen (2004:292) is van mening dat die vroeë Israel uit sewe stamme bestaan het naamlik, Josef die seun van Ragel en dan Ruben, Simeon, Levi, Juda, Issaskar en Sebulon die seuns van Lea. Dan, Naftali, Gad en Aser was almal deel van die kinders van die slawe van Ragel en Lea en het eers later bygekom. Benjamin was die laaste stam wat by Israel aangesluit het en dit was waarskynlik eers na die vestiging in Palestina (vir 'n grafiese voorstelling van hoe die stamme moontlik versprei kon gewees het oor Juda en Israel vgl. Liverani 2005:60-63).

#### 4.2.1.1 Waar begin Israel se godsdiens?

Wellhausen (2004:290) begin sy geskiedenis van Israel met die uittoeg uit Egipte. Die rede hoekom hy hier begin is dat hy 'n geskiedenis van Israel wil skryf wat die historiese

lyn van Israel weergee. Die geskiedenis van Israel soos ons dit in die Ou Testament kry, is heilsgeskiedenis en berus nie op historiese feite nie. Dit wat hy oor Israel skryf moet kan bewys word uit gegewens uit Ou Nabye-Oosterse studies en argeologiese opgrawings in en om Palestina. Hierdie vroeë geskiedenis is vir hom ook nie eintlik die geskiedenis van Israel nie, maar slegs van 'n stam van latere Israel wat maar dieselfde naam gedra het. Vir Wellhausen (2004:292) begin die geskiedenis van die godsdiens van Israel by die verskyning van Moses. Hy sê dit as volg: *“The time of Moses is invariably regarded as the properly creative period in Israel’s history, and on that account also as giving the pattern and norm for the ages which followed. In point of fact the history of Israel must be held to have begun then, and the foundations of a new epoch to have been laid”*.

Ook vir Bright (1981:125-126); Moberly (1992:15); Weidmann (1968:13-14) is die verskyning van Moses die begin van die geskiedenis van die godsdiens van Israel (vir ander siening vgl. Albertz 1994:23; De Moor 1990:169). En alhoewel ons geen historiese bewyse het waarteen ons Moses se lewe kan meet of vergelyk nie, was daar onteenseglik iemand wat die godsdiens van Israel kom vestig het en sy kenmerkende karakter daarop afgedruk het.

Van die vroegste bestaan van Israel en van enige kennis waaroor ons oor vroeë Israel beskik, is dit duidelik dat Israel 'n godsdienstige identiteit gehad het. Die rede dat Israel sy eie identiteit behou het ten spyte daarvan dat hy in Palestina as vreemdeling kom woon het en omring was van ander volke, is te danke aan die persoon van Moses wat die godsdiens van Israel kom vestig en bepaal het. Israel het ook daarop geroem en dit word ook een van die vaste vorms rakende Israel se godsdiens naamlik dat *“Jahwe is die God van Israel en Israel is die volk van Jahwe”* (Grosby 1993:12-17).

#### 4.2.1.2 Die aanbidding van Jahwe

Volgens Wellhausen (2004:292) was *Jahwe* eers 'n familie of stam-God gewees van die familie waaraan Moses behoort het of van die stam van Josef.

Uit Israel se eie siening wat ons in die Pentateug het, word *Jahwe* aan 'n bepaalde plek gekoppel naamlik: "Horeb die berg van God". Moses was die een wat vir *Jahwe* die eerste keer by Horeb ontmoet en wat hierdie God later aan Israel bekendgestel het as *Jahwe*. Budde (1899:18-19) het tot die gevolgtrekking gekom dat die God van Sinai (Horeb) aanbid is deur 'n groep of volk wat in daardie gebied gewoon het. Die enigste volk wat daar gewoon het, was die Midianiete en omdat Moses die skape van sy skoonpa, Jetro 'n priester van Midian, in daardie gebied opgepas het, moes die godheid noodwendig aan die god van daardie gebied gekoppel word. Die Keniete was 'n stam van die oorkoepelende Midianiete groep en volgens Rigters 1:16 afstammeling van Moses se skoonpa en dus was sy vrou deel van hierdie volk. Die God wat hulle aanbid het, was *Jahwe*. Budde (1899:19) kom tot die gevolgtrekking dat Moses wat by sy skoonpa gewoon het *Jahwe* van die Keniete oorgeneem het en aan Israel bekend gemaak het. Volgens alle aanduidings het die Keniete nie *Jahwe*-aanbidding van ander volke oorgeneem nie, maar was bewus daarvan dat hulle self die ware, oorspronklike aanbidders van *Jahwe* was (Mondriaan 2002:32).

Daar is nie eenstemmigheid onder geleerdes oor presies wat *Jahwe* (יהוה) beteken nie. Volgens Bright (1981:157-158) is die naam 'n kousatiewe vorm van die werkwoord "om te wees". *Jahwe* was heelwaarskynlik die liturgiese benaming van die godheid El. In Genesis word El (על) gebruik as daar na God verwys word en as van God gepraat word (Albertz 1994:30-31; Jagersma, 1982:26). In Ugarit was El die naam van die god wat aan die bokant van die Panteon gestaan het (vgl. Smith 2001:7). Die naam word ook in Genesis in verbinding met *Eljon*, *Shaddai* en *Olam* gebruik.

Die godheid El wat bekend was aan die Hebreërs in 'n voor-Mosaïese tydperk word dan deur Moses oorgeneem en *Jahwe* genoem. Daar is geen onderskeid getref tussen die twee name nie en *Jahwe* was die naam wat gebruik is om na Israel se God te verwys. In die Bybelse tradisie word *El* dikwels bloot as alternatief vir die naam *Jahwe* gebruik. Van die begin af was dit duidelik dat die geloof van Israel berus het op die gebod dat geen ander god naas *Jahwe* aanbid mag word nie.



Dit vind ons wel eers later in die tien gebooe waar dit in die eerste en tweede gebod uitdruklik gestel word dat daar slegs een God is en dat geen ander god naas *Jahwe* aanbid mag word nie. Vir Moses en vir Israel was *Jahwe* 'n persoonlike en lewende God wat Israel se lot bepaal het en hulle gelei het. *Jahwe* was die God wat hulle aangevoer het in gevegte en Israel het dan ook beteken “*El* maak oorlog” (Wellhausen, 2004:293; vgl. ook Clements 1989:299).

Israel se begrip van God was anders as wat mense dit miskien vandag sou voorstel. Vir Israel was *Jahwe* nie die God wat die skepping gemaak het en toe eers later die God van Israel geword het nie. *Jahwe* is gesien as die God van Israel wat later eers beskou is as die God wat ook die wêreld geskep het. Dit vertel iets van hoe Israel oor *Jahwe* en hulself gedink het. Dit verduidelik ook die selfbegrip en eiewaarde wat ons by Israel dwarsdeur die Ou Testament waarneem. Vir hulle was hulle die uitverkore volk. God het hulle gekies bokant al die volke om hulle God te wees. En omdat *Jahwe* gesien is as die God van Israel is elke taak van die volk, as heilig beskou.

Wellhausen (2004:295) maak twee belangrike opmerkings oor die begin van Israel se godsdienst: *The religious starting point of the history of Israel was remarkable, not for its novelty, but for its normal character.* Moses het nie 'n godsdienst kom gee wat skielik anders en teoreties was nie, maar 'n godsdienst wat dieselfde was as wat hulle voorvaders aan gewoon was. Die onderskeiding tussen Israel se godsdienst en die ander volke waarmee hulle die land gedeel het, het in hulle siening van *Jahwe* gelê. Dit beskryf Wellhausen (2004:295) as volg: *Whatever Jehova may have been conceived to be in His activity within the world of mankind, whose ends He made one with His own. Religion thus did not make men partakers in a divine life, but contrariwise it made God partaker in the life of men; life in this way was not straitened by it, but enlarged. The so-called “particularism” of Israel’s idea of God was in fact the real strength of Israel’s religion; it thus escaped from barren mythologizing and became free to apply itself to the moral tasks which are always given, and admit of being discharged only in definite spheres.*



*Jahwe* was dus 'n God wat persoonlik by hulle betrokke was en wat deel was van hulle daaglikse lewe. Dit sluit alle sferes van die lewe in. By die ander volke was hulle gode beskou as gode by wie die mense toenadering moes gaan soek het en waar die mense baie dinge moes doen om die gode gelukkig te hou, sodat die gode weer aan hulle goed kon doen.

#### 4.2.1.3 Israel se godsdiens was monoteïsties

Vir Israel was net een God, God. Israel ontken nie die bestaan van ander gode nie. Gedeeltes soos Eksodus 18:11, Rigters 11:24 en 1 Sam 26:19 praat van ander volke se gode, maar vir Israel was daar net een God (Bright, 1981:159 en Janzen 1987:95). Uit gedeeltes soos Deuteronomium 4:19, Psalm 95:3; 97:9 en 2 Kronieke 2:5 is dit egter baie duidelik dat vir Israel daar net een God is en dit is die God wat hemel en aarde gemaak het. Deurdat die God van Israel al die hemelliggame gemaak het word die moontlikheid daarmee uitgesluit dat die ander volke se gode ook skeppergode kon wees. Die ironiese van die ander volke se aanbidding word geskets as daar gesê word dat God alles gemaak het maar die ander volke aanbid hemelliggame of natuurverskynsels. Hulle aanbid dus iets wat die God van Israel gemaak het.

Waar presies die oorsprong van Israel se godsdienstige monoteïsme gelê het, kan nie bepaal word nie. Albright in De Moor (1990:3) is van opinie dat Israel se godsdiens nie van die begin af monoteïsties was nie, maar eers politeïsties was en geleidelik ontwikkel het totdat dit met die Sinaïtydperk, volledig monoteïsties was (vgl. ook Boshoff 1988:3-6; Lohfink 1977:147; Smith 2001:149). Volgens Halpern (1987:77) is daar baie onsekerheid oor waar Israel se monoteïsme sy oorsprong het, maar is Yehezkel Kaufmann se voorstel steeds die mees aanvaarbaarste poging om hierop 'n antwoord te gee. Albertz (1994:95,20) beskou die godsdiens van Israel in die pre-monargiese tydperk as interne religieuse pluralisme. Hy motiveer sy stelling deur na eiename en klaagliedere te verwys wat hierdie punt bevestig. Later was dit vir die Deuteronomistiese beweging belangrik om eksklusiewe *Jahwe*-aanbidding te vestig.

Met die opkoms van die priesterlike tradisie het dit 'n wet geword wat sterk toegepas moes word. Die kans is egter groot dat van die begin van Israel se godsdiens dit uitsluitlik monoteïsties was, omdat die volke wat die naaste aan Israel verwant is, naamlik Edom, Moab en Ammon se godsdienste ook almal monoteïsties was (Wellhausen 2004:297).

Volgens Coogan (1987:116) het Israel se godsdiens tesame met die van Ammon, Moab, Edom en Aram teen die begin van die eerste eeu voor Christus duidelike ontwikkeling en kenmerk begin vertoon wat hulle van ander godsdienste onderskei het. Een van hierdie identifiseerbare eienskappe was monoteïsme. Judaïsme is vandag die oudste van die drie groot monoteïstiese godsdienste in die wêreld en het aanleiding gegee tot Islam en ook die Christendom.

#### 4.2.2 Die vestiging in Palestina

Die grondgebied wat die Israeliete bewoon het in Sihon, het te klein geword en daar het by Israel 'n behoefte ontstaan om hulle grondgebied uit te brei (Wellhausen 2004:298). Die verbrokkeling van die Kanaäniete in die gebied wes van die Jordaan in kleiner stamme, het 'n ideale geleentheid vir die Israeliete geskep om hulle aan te val en hulle te verdryf en so hulle gebied in te neem. Juda tesame met Levi en Simeon het die eerste aanval geloods maar die stam van Levi en Simeon is 'n vernederende nederlaag toegedien. Hierdie nederlaag het hulle getalle so verminder dat die oorblywendes lede van hierdie twee stamme deur Israel opgeneem is en word daar nie verder in die boek Rigters oor Simeon en Levi berig nie. Juda het daarin geslaag om die hoogliggende gebied aan die weste van die Dooie See in te neem, maar met baie groot verliese. Twee groot stamme ontstaan nou. Die een is Israel waarby al die kleiner stamme uit die families van Ragel en Lea aangesluit het en die stam van Juda.

'n Tweede groot aanval teen die Kanaäniete het gevolg. Dit is gelei deur die stam van Josef en die ander stamme het hierby aangesluit. Volgens Wellhausen (2004:298) was dit net die stamme van Ruben en Gad wat agtergebly het in die ou nedersettings.

Hierdie inval het plaasgevind in die gebied noord van Juda. Stelselmatig het Israel die een dorpie na die ander ingeneem en dit was eers nadat 'n groot deel van die land ingeneem is dat die Kanaäniete 'n gesamentlike poging aangewend het om hierdie aanvalle teen te staan. Die Israeliete het egter onder die leiding van Josua hierdie weerstand gebreek en so beheer geneem oor die hele sentrale plato van Palestina (vir alternatiewe siening vgl. Liverani 2005:270-271).

Die stamme van Israel het toe in Palestina hulself as volg gevestig: Benjamin vestig hom in die suide teen die grens met Juda; Efraim se gebied het verby Silo gestrek en Manasse se gebied het gestrek in die noorde tot by die vlakte van Jisreël. Josua se aanvalle het dus die gebiede in die noorde oopgelaat vir die stamme om daar in vrede voort te bestaan. Koning Jabin verskyn eers later op die toneel en die verwysing na koning Jabin in Rigters 4-5 wat deur die Israeliete oorwin is, kon nie dieselfde koning wees nie.

Wellhausen (2004:298-299) wys ook die verskil uit tussen die weergawes van Rigters en Josua met betrekking tot die vestiging in Palestina.

#### 4.2.2.1 Josua se intogverhaal

Josua dui die intog en vestiging in Palestina aan as 'n gebeurtenis waarby al die stamme saam betrokke was. Nadat die hele land verower is en die Kanaäniete verdryf is, was dit Josua wat die land onder die verskillende stamme verdeel het en vir elke stam sy regmatige grondgebied gegee het. Hierdie is egter 'n wye veralgemening en word deur die feite wat bestaan, weerspreek (vgl. ook Hess 2008:33-46; Wood 2008:205-221). Hierdie feite is die weergawe van dieselfde gebeure soos dit gevind word in die boek van Rigters.

#### 4.2.2.2 Rigters se intogverhaal

Rigters gee volgens Wellhausen die gebeure korter en meer kunsmatig, maar die hele aanbieding van die inligting is baie meer histories as Josua. Volgens Rigters was Josua die leier van slegs die stamme van Josua en Benjamin. Die stamme van Issaskar, Subelon, Dan, Naftali en Aser het met Josua 'n samewerkingsooreenkoms aangegaan. Voor Josua se tyd het die stam van Juda alreeds die Jordaanrivier oorgesteek en die gebied vanaf Kades tot by die plato van Moab beset en dit begin bewoon. Daar is 'n moontlikheid dat Juda reeds vroeër van die ander stamme weggebreek het en vanuit die suide, vanaf die rigting van Kades die land ingeval en beset het. Uit die inligting van Rigters 1 word dit egter duidelik dat die deel in die Suide die laaste deel van die land was wat Juda verower het, wat hierdie moontlikheid laat vervaag. Kaleb was verantwoordelik vir die oorwinning oor Hebron en omdat Kaleb in 'n vriendskaplike verhouding met Juda gestaan het, is hierdie gebied aan Kaleb gegee.

Dit was egter deur die beleid van koning Dawid dat Kaleb, Otniël en Jeragmeel later deur Juda opgeneem is en een met hulle geword het, al was daar geen bloedverwantskap tussen hulle nie. Simeon trek saam met Juda op teen die Kanaäniete en vestig hom in die heuwelagtige gebied van Efraim. Die verhaal van Simeon en Levi harmonieer mooi met die weergawe in Genesis 34 en 49.

Een van Simeon se families, naamlik Dina, die dogter van Lea, word vriendelik ontvang deur die inwoners van Sigem. Dit open ook die pad sodat die huidige inwoners van die land en die nuwe besetters in vrede met mekaar kan saamleef. Hierdie vrede word egter deur die twee broers Simeon en Levi, met waarskynlik Dina se hulp, versteur toe hulle die inwoners van Sigem aanval en uitmoor. Dit was 'n groot fout aan die kant van Simeon en Levi, want die Kanaänitiese inwoners van die omgewing verenig en trek saam op teen hulle en vernietig hulle heeltemal. Dit bied dan ook die logiese verklaring van hoe dit gebeur het dat die stamme van Simeon en Levi heeltemal van die toneel verdwyn het. Dit stem ook ooreen met die vloek wat daar op die stamme van Simeon en Levi rus (Gen. 49:5-7).

In hierdie gedeelte word daar gesê dat Simeon en Levi onder die stamme van Israel en Juda verdeel sal word. Juda word van hier af die alleenvertegenwoordiger van die seuns van Lea.

In Rigters 1 word pertinent vermeld dat Simeon saam met Juda opgetrek het om die Kanaäniete aan te val, maar in die opmars wil dit lyk of Simeon en Levi van Juda weggebreek het en die gebied by Efraim ingeneem en bewoon het. Volgens Wellhausen (2004:299) moes dit gebeur het in die tydperk voordat Josef hierdie gebied ingeneem het. Die oorwinning oor die Kanaäniete was die gevolg van die gesamentlike poging van die stamme. Nou word dit egter 'n stryd wat deur elke stam voorgesit word om die gebied wat hy gekry het vir homself toe te eien en van die oorblywende Kanaäniete ontslae te raak. Dit het volgens Wellhausen nog eene geneem voordat al die Kanaänitiese nedersettings se mag gebreek is. Die Kanaäniete het nog een aanslag teen Israel geloods om hulle vryheid te bewerkstellig.

Dit gebeur by die Kisonspruit waar Sisera met negehonderd strydwaens en al die manskappe tot sy beskikking die Israeliete wou aanval. Debora gee opdrag aan Barak om tien duisend manne bymekaar te maak en met die ingryping van *Jahwe* oorwin die Israeliete die Kanaäniete. Dit het finaal die mag van die Kanaäniete gebreek en hulle het nie weer teen die Israeliete oorlog gemaak nie.

Die stam van Dan kon nie sy gebied teen die kus en aan die westekant van die stamme Benjamin en Efraim teen die Filistyne behou nie en trek terug na die Noorde tot by die voet van Hermonberg. Die stamme wat hier langs mekaar gewoon het in die Noorde van Palestina was Dan, Naftali en Aser. Oos van die Jordaan het die stam van Ruben die gebied bewoon. Die Moabiete het hulle egter aangeval en ook dieselfde lot tref hulle as vir Simeon en Levi. Dit was eers met die stam Gad se oorwinning oor die Moabiete dat die gebied weer deel van Israel geword het. Israel se gebied is ook uitgebrei na die Ooste toe en baie van die families van die stam van Manasse het hulle grondgebied uitgebrei deur, deur die Jordaan te trek en nedersettings te vestig by Basan en in die noorde van Gilead.

Ook die Arameërs was besig om hierdie gebied in te beweeg wat kwaai kompetisie tussen die families van Manasse en die Arameërs veroorsaak het. Hierdie gebiede word egter behou en versterk die verhouding tussen die stamme van die Ooste en Weste van die Jordaan.

Die besetting van Palestina deur die stamme het ook met teenspoed gepaard gegaan omdat die stamme verspreid was. Die Midianiete het strooptogte teen die Israeliete uitgevoer waarin hulle vee en oeste vernietig of gesteel is. Die Israeliete was hulpeloos en uitgelewer aan hierdie strooptogte totdat *Jahwe* vir Gideon stuur en hy saam met die Abiësriete en die manne van Manasse, Aser, Sebulon en Naftali, die Midianiete en die Amalekiete in die laagte van Jisreël verslaan. Gideon se oorwinning is so groot dat hy 'n held word en die naam Jerubbaäl kry. In sy tuisdorp Ofra het hy 'n tempel gebou met 'n afbeelding van *Jahwe* wat oorgetrek was met die goud wat hy by die Midianiete afgevat het. Gideon het sy seun Abimeleg by hom laat oorneem en sy gesag het gestrek oor Manasse, Efraim en Abiëser (Wellhausen 2004:301).

By hom sien ons die eerste tekens van 'n verenigde koninkryk wat hierdie drie stamme sou insluit. Abimeleg was egter nie soos sy pa Gideon nie en het sy mag misbruik en sy eie eer gesoek en daarom word sy regering nie deur die ander stamme aanvaar nie. Die een ding wat hy wel gedoen het wat belangrik was, was dat hy die stad Sigem as 'n Kanaänitiese stad vernietig het en dit opgebou het as 'n Israelitiese stad (Wellhausen 2004:301).

As daar gekyk word na die getalle van Israeliete wat in Rigters genoem word sien 'n mens dat in die tyd van Debora die vegtende mans omtrent as veertig duisend gereken word. Die stam van Dan wat na Lajis (Rigt. 18) vertrek het, was seshonderd man sterk en Gideon het die Midianiete met driehonderd manne agtervolg (Rigt. 18). Tydens die regering van Dawid en Salomo word die volk op miljoene gereken. Wellhausen verklaar hierdie toename in die Israeliete se getalle as volg: *The rapid increase is to be accounted for by the incorporation of the Canaanites* (2004:302). Die Kanaäniete het dus met die Israeliete vermeng.

Die Israeliete het nie net die Kanaäniete se dorpe en land oorgeneem nie, maar ook baie van hulle kulturele en godsdienstige aspekte. Hulle neem die hoogtes (*bamoth*) en ook van die feeste van die Kanaäniete oor. Die Kanaäniete van Sigem vier in Rigters 9:27 die fees van die oes tot eer van Baal. Hierdie fees word deur die Israeliete oorgeneem en word die oesfees van Israel.

In die vroegste gevalle waar die Israeliete in die stede begin woon het en met die Kanaäniete vermeng het, is Baal en *Jahwe* saam aanbid. Soos die tyd aangestap het en Israel homself met Palestina begin identifiseer het, het daar 'n tipe sinkretisme tussen Baal en *Jahwe* ontstaan. Dit het etlike jare geneem om dit te oorkom. Dit is egter 'n uitgemaakte saak dat baie van die funksies van Baal na *Jahwe* oorgedra is en so deur die Israeliete aanvaar is. Kanaän en Baal is gesien as verteenwoordigers van die vroulike en vrugbaarheid en Israel en *Jahwe* as verteenwoordigers van die manlike geslag.

Wellhausen (2004:303) is van mening dat indien Israel in die wildernis gebly het soos Edom, Moab en Ammon sou die historiese ontwikkeling wat hulle bereik het nie moontlik gewees het nie en sou hulle godsdienste heeltemal anders daarna uitgesien het. Die aanvaarding van beskawing het ook beteken dat baie nuwe tradisies en gebruike van die Kanaäniete oorgeneem is wat die ou godsdienstebasis van die vroeë Israel vernietig het en wat mettertyd die nuwe gesamentlike godsdienst gevorm het.

#### 4.2.3 Die vestiging van die koninkryk en die eerste drie konings

Wellhausen (2004:303) sê dat dit te danke is aan die Filistyne dat daar 'n nasionale ontwaking onder die stamme gekom het om op te staan en een volk te word met *Jahwe* as hulle God. Nadat die Filistyne die stam Dan verdryf het van die vlakte teen die see, het die Filistyne begin om weswaarts te beweeg en die gebiede van die ander stamme binne te dring. Die eerste stam met wie in aanraking gekom is, is die stam van Josef. Die Filistyne verslaan die stam van Josef en lê beslag op Israel se kosbaarste besitting, naamlik die ark van *Jahwe*.



Hulle stop egter nie hier nie, maar mars verder op teen die stamme en verower ook die vlakte na die suide toe verby Jisreël, en vernietig ook die heiligdom by Silo en die tempel van *Jahwe*.

Hierdie vernedering van Israel deur die Filistyne het Israel egter nie verlam nie, maar hierdeur word daar juis 'n oplewing ten opsigte van 'n godsdienstige gevoel onder die Israeliete wakker gemaak. Hierdie oplewing het nie ten doel gehad om die Baälgodsdiens onder die Israeliete uit te roei nie, maar 'n nasionale gevoel om hulself teen hul vyande te verset. Niemand het hierdie omstandighede waarin Israel was, beter verstaan as juis Samuel die seun van Elkana wat in Rama gewoon het nie. Hy was 'n profeet. Wellhausen (2004:304) gebruik die woord *seer* (siener) wat verskil van die Bybelse profeet. In 1 Sam. 9:9 word hierdie verskil verklaar deurdat gesê word dat die profete vroeër sieners genoem was). Hy het besef dat die enigste manier dat Israel as 'n volk sou kon oorleef, was as al die stamme onder een nasie verenig en 'n koninkryk vorm. Hy was die persoon wat vir Saul geïdentifiseer het as die regte persoon om die eerste koning van Israel te word.

Saul bewys dan ook dat hy die regte persoon vir hierdie pos is toe hy die manne in Israel oproep om die Ammoniete wat die stad Jabes in Gilead beleer het, te verslaan en die stad te bevry (1 Sam. 11). Die volk trek op na Gilgal en daar word Saul gesalf as die koning van Israel. Die verwagting wat die volk van Saul as koning gehad het, was dat hy hulle sou verlos van die juk van die Filistyne en Saul het hierdie taak ook so verstaan. Saam met sy seun Jonatan en die manne van Benjamin het Saul die Filistyne aangeval en verslaan. Benjamin wat die gebied net noord van Juda bewoon het, word die skakel tussen Efraim en Juda. Deur Saul se toedoen het Juda deel geword van Israel en ook vir Saul as hulle koning aanvaar. Saul se aanval op die Amalekiete was volgens Wellhausen (2004:305) 'n suiwere poging van Saul om Juda se guns te wen. Die gevegte by Gibeon het ook die manne van Juda daarheen laat kom.

Onder hierdie manne was daar 'n persoon met die naam Dawid die seun van Isai van Bethlehem. Sy musiektalent op die harp het hom gou in kontak met die koning gebring en hy word Saul se wapendraer. Hy word ook sy seun Jonatan se boesemvriend en trou ook met Saul se dogter Merab (1 Sam. 18:17). Dawid word gou die volk se gunsteling vanweë al die voorspoed waarmee hy dinge aanpak en dit maak Saul baie jaloers. Jonatan waarsku vir Dawid en help ook vir Dawid om te vlug. Hy vlug die wildernis van Juda in en word die leier van 'n groepie rowers. Hierdie groepie manne het bestaan uit manne van Benjamin, 'n klompie Filistyne en ook 'n paar Hettiete. Hierdie groepie manne word ook later die kern van sy weermag (vgl. Albertz 1994:110). Onder hulle was daar selfs 'n priester met die naam Abjatar (1 Sam. 23:6). Hy was die enigste oorlewende van die priesters wat Saul laat doodmaak het omdat hy vermoed het hulle was in 'n sameswering met Dawid teen hom betrokke. Dawid het dit al hoe moeiliker gevind om te vlug voor Saul se vervolging en sy volksgenote het ook al hoe meer onwillig geraak om hom te help, omdat hulle bang was vir Saul se vergelding.

Dawid wend hom tot die Filistyne vir beskerming en hy word met ope arms deur Akis, die koning van die Filistyne in Gad ontvang. Hy word die dorp Siklag aangebied waar hy kon gaan woon. Die Filistyne het intussen hulle aanvalle teen Saul en sy manskappe voortgesit. Op Gilboa woed 'n hewige geveg met die Filistyne wat vir die Israeliete 'n yslike ramp word. Drie van Saul se seuns sterf in die gevegte en hyself pleeg selfmoord deur in sy eie swaard te val. Die Filistyne verkry daardeur weer beheer oor die gebied aan die weste kant van die Jordaan. Dit gee ook die geleentheid aan Dawid om sy eie gebied in die suide (wat hoofsaaklik Juda was) met die toestemming van die Filistyne te vestig. Abner, die leërowerste van Saul, het vir Isboset die seun van Saul as koning gesalf oor Jisreël, Efraim, Benjamin, Gilead en oor die Assuriete. Isboset word nou die koning oor die hele Israel maar nie van Juda nie (Wellhausen 2004:306).

Dit lei tot 'n hewige twis tussen die huis van Saul en die huis van Dawid, of dan Israel en Juda. Abner besef dat Dawid by die dag sterker word en die huis van Saul swakker. Om sy eie bas te red, tree hy in onderhandelings met Dawid, maar Joab het dit nie goedgekeur nie.

Hy laat vir Abner terugkeer en nadat hy hom eenkant toe geneem het, maak hy hom dood. Isboset was nie 'n gewilde koning in Israel nie en word deur twee sluipmoordenaars vermoor. Dit het beteken dat Israel nou leierloos was. Al die stamme het egter saamgekom en bied aan Dawid die koningskap van Juda aan. Dawid neem dit aan en word die koning van al die stamme van 'n verenigde Israel. Hy verskuif dadelik sy vesting vanaf Hebron na Jebus toe. Jebus was die antieke stad Jerusalem wat deur die Jebusiete gebou is. Met Dawid se koningskap en oorwinning oor die Jebusiete het hy dit oorgeneem en dit word Jerusalem. Jerusalem word nou die hoofstad van die ryk en word weens sy strategiese ligging 'n baie belangrike stad. Dit lê byna aan die grens tussen Juda en Israel, maar is steeds in die grondgebied van Benjamin. Jerusalem word tydens die regering van Dawid nie net die politieke hoofstad nie, maar ook die godsdienstige hoofstad.

Hy gaan haal ook die ark van *Jahwe* wat die Filistyne by die Israeliete afgeneem het en bring dit terug na Jerusalem toe. Hy bêre dit op die plek wat later as die Tempelberg bekend gestaan het. Wellhausen (2004:307) sê dat die grootste prestasie van Koning Dawid daarin gelê het dat hy finaal die mag van die Filistyne verbreek het en Israel van hulle juk bevry het. Nadat hy die Filistyne oorwin het, het hy ook die volke Moab, Ammon en Edom, wat verwant was aan Israel, met geweld aan Israel onderwerp.

Dawid kon met sy militêre mag daarin slaag om al die volke in die omtrek van Palestina aan hom te onderwerp, maar in sy eie huis het 'n opstand teen hom gebroei. Sy seun Absalom lei 'n rebellie teen sy pa Dawid. Dawid slaag daarin om hierdie opstand teen hom af te weer en Absalom sterf in die gevegte. Ook het daar 'n twis tussen Juda en Israel uitgebreek en kom die Benjaminiete onder leiding van Seba in opstand teen Dawid. Dawid slaag egter daarin om die opstand te onderdruk en om Israel en Juda weereens te verenig in een Ryk.

Kort na hierdie gebeure het Dawid gesterf. Die persoon van Dawid word deur die latere Joodse tradisie byna tot 'n heilige persoon, wat psalms gedig het verhef. Dit spreek teen die optrede van Dawid waar hy gevangenes met barbaarsheid hanteer het.

Dawid laat eerstens die Amalakietiese boodskapper vermoor en tweedens het hy die twee boodskappers, Regab en Baëna se hande en voete laat afkap en hulle by die dam opgehang (2 Sam 4:12). Dawid en sy optredes moet egter binne die konteks van sy tyd verstaan word en dat daar 'n oorlog aan die gang was en dat sy optrede nie strydig is met enige ander persoon wat ook in sy posisie sou gewees het nie. Met die dood van Uria en die beskuldiging van die profeet Natan teen Dawid sien ons dat Dawid berou toon oor sy optrede en dit bely. Daar is min heersers wat Dawid dit sou nagedoen het. Dawid het egter in sy opvoedingstaak teenoor sy seuns gefaal en dit besorg hom later groot hartseer. Die laaste opdrag van Dawid in 1 Konings 2 is volgens Wellhausen (2004:308) nie van Dawid afkomstig nie, maar is die werk van 'n latere hand wat ook die glorie van Dawid wou bevorder.

Salomo het vir Dawid opgevolg en word koning oor Israel. Absalom, Dawid se seun was die eintlik tronopvolger, maar tydens 'n opstand waartydens hy die koningskap met geweld wou oorneem, sterf hy. Salomo was egter nie soos Dawid 'n militaris nie en tydens sy regering het die Arameërs weer begin opstaan en word hulle vir Israel later 'n groot bedreiging. Ook Edom het hom teen Israel verset en word weer onafhanklik. Salomo het egter uitgeblyk in sake van administrasie en bestuur. Hy ontbind die stamstelsel en deel die Ryk in twaalf provinsies in. Oor elke provinsie het hy 'n goewerneur aangestel wat verantwoordelik was vir die bestuur van daardie provinsie. Verder het hy daarna gestreef om Jerusalem 'n roemryke en pragtige stad te maak en bou hy 'n indrukwekkende tempel tesame met vele ander geboue. Ook sy paleis was baie indrukwekkend. Die stabiliteit van Salomo se regering en ryk het veroorsaak dat daar ook nou 'n invloed van ander Oosterse kulture en godsdienste was. Baie altare en afgode word nou in en om Jerusalem en op ander plekke in die ryk opgerig en geen aanstoot word daarteen geneem nie. Ook die konings na Salomo het nie aksies ingestel om van die afgodediens wat hoogty gevier het ontslae te raak nie. Dis eers met die regering van koning Josia dat afgodediens as verbode verklaar is (Wellhausen 2004:308-309).

#### 4.2.4 Van Jerobeam I tot en met Jerobeam II

Na die dood van Salomo het die onenigheid oor sy streng manier van regeer, net erger geword. Rehabeam, wat vir Salomo opvolg, weier om aan die eise van die leiers van die tien noordelike stamme toe te gee en hulle verbreek hulle bande met Rehabeam en Juda (vgl. ook Albertz 1994:140-141). Wellhausen (2004:309) voer aan dat die tien noordelike stamme op Juda jaloers was en dat dit beslis een van die hoofredes was waarom die ryk in twee geskeur het. Hierdie tien stamme stel toe vir Jerobeam wat na Egipte gevlug het tydens Salomo se regering aan as die koning oor die tien noordelike stamme. Net Juda en Jerusalem het getrou gebly aan die huis van Dawid. Die noordelike stamme het egter nie die monargie ontbind nie, omdat hulle die voordeel van so 'n stelsel besef het. Op hierdie stadium was daar nog nie die idee dat daar net in Jerusalem en in die tempel in Jerusalem aanbid mag word nie.

Israel sit die godsdienst voort wat hulle bedryf het toe die ryk nog verenig was. Jerobeam vestig ook 'n aanbiddingsplek by Dan en by Bet-el en het daar ook afbeeldings van God opgerig. Die godsdienst van die twee ryke het met die skeuring nie van mekaar verskil nie. Uit die Deuteronomistiese redaksie van die boek Konings en ook uit Kronieke word hierdie skeuring egter nie goedgekeur nie (vgl. ook Albertz 1994:143-144). Kronieke gaan sover as om Samaria as 'n heidense koninkryk te brandmerk (Wellhausen 2004:310). Rehabeam het met mag probeer om die tien stamme onder hom te verenig maar hy slaag nie daarin nie. Jerobeam word opgevolg deur Nadab en Nadab word onttroon deur Baesa. Baesa is opgevolg deur sy seun Ela. Ela het vir twee jaar lank oor Israel geregeer en word deur Simri opgevolg nadat Simri 'n sameswering teen Ela loods en hom doodmaak. Omri neem ook in 'n staatsgreep die koningskap by Simri oor.

Volgens Wellhausen (2004:310) gee die Bybel ons nie veel inligting oor die koningskap van Omri nie, maar uit geskrifte van die Assiriërs word daar verwys na die koninkryk van Omri (koninkryk van Israel).

Dit dui op sy belangrikheid. Onder die koningskap van Omri word die koninkryk van Israel werklik eers gevestig (vgl. ook Alberty 1994:149-150). Die troonbestyging van Omri vind plaas in ongeveer 900 v.C. en word bepaal deur die slag van Karkar in 845 v.C. wat plaasgevind het naby aan die einde van Agab se heerskappy. Agab volg vir Omri op en in 'n veldslag by Ramot teen Juda word Agab gedood. Die Moabiete trek voordeel uit hierdie situasie waar Israel nou verswak is en skud die juk wat die regering van Omri op hulle gelê het af. Ahasia wat die seun van Agab was, volg sy pa as koning op en het geen ander keuse as om hierdie nuwe verwikkelinge te aanvaar nie.

Ahasia word opgevolg deur Joram sy broer wat weer 'n poging aangewend het om die Moabiete onder sy mag te kry. Joram voer egter nie hierdie stap deur nie en die Israeliete trek terug na hulle land toe. Wellhausen (2004:311) sê dat die rede waarom Israel teruggetrek het nie die daad van die koning van die Moabiete was nie, maar die feit dat die Assiriërs besig was om in 850-849 v.C. vordering te maak in die grondgebied van Israel in. In 2 Konings 3:27 staan daar dat die koning van Moab sy eersgebore seun op die stadsmuur geoffer het en dat dit vir Israel so 'n afstootlike daad was dat hulle, hul onttrek het van die geveg en teruggegaan het na hulle land toe. Die Arameërs het intussen ook sterker geword en hulle trek op na die stad Samaria en beleer dit. Die beleg van Samaria het 'n hewige hongersnood veroorsaak en die lyding wat daardeur vir die inwoners veroorsaak is, het tot grootskaalse verdriet gelei.

'n Boodskap dat Aram aangeval word deur Egipte en die Hetiete, laat die Arameërs die beleg ophef en hulle keer terug na hulle eie land toe om dit te gaan verdedig. Wellhausen (2004:312) sê dat die nasie wat Aram aangeval het eerder die Assiriërs was, maar omdat die Assiriërs vir Israel nog 'n onbekende mag was, gebruik die skrywer eerder 'n bekende mag om sy punt te maak (2 Kon. 7:6). Hierdie verligting gee vir Joram die kans om terug te veg en hy neem die vesting by Ramon in Gilead weer af van die Arameërs. In hierdie tydperk tref 'n katastrofe die koningskap van Israel, iets wat die profete lankal voorspel het. Onder hierdie profete was daar een persoon wat bo die ander uitgestyg het en wie se optrede in verband gebring is met godsdiens van Jahwe. Dit was Elia die Tisbiet wat tydens die regering van koning Agab opgetree het.

Met Elia se optrede word die eerste tekens gesien van 'n verandering ten opsigte van die begrip van *Jahwe* in die godsdiens van Israel. Agab laat 'n tempel bou in Samaria met 'n afgodsbeeld tot ere van die Aramese god. *Jahwe* was nog steeds die God van Israel en die volk verstaan nie Elia se oproep met die vernietiging van die afgode en tempels nie en ondersteun hom ook nie daarin nie, want dit was ook die praktyk voor koning Agab.

Vir Elia was dit onmoontlik dat die God van Israel saam met Baäl aanbid kan word. Hy is die eerste persoon wat verklaar dat die God van Israel nie sy gelyke het in die natuur of enige plek nie en dat Hy die enigste ware God was. Elia sê dat God hom nie in die natuur openbaar nie, maar deur die wet en geregtigheid van die mens. Die moord op Nabot en die aanbidting van Baal in Samaria was vir hom beide 'n oortreding teen die wil van *Jahwe*. Elia kry egter nie veel reg in die wêreld nie en word in die hemel opgeneem. Dis was egter sy idee dat daar 'n suiwering van Israel se godsdiens moes plaasvind en dit word verder deur sy opvolgers opgeneem. Israel se aanbidting van *Jahwe* moes gesuiwer word van die aanbidting van Baal en van die koningshuis van Agab.

Terwyl Joram in Jisreël herstel het van die wonde wat hy opgedoen het in die gevegte met die Arameërs, het Elisa sy kans waargeneem en vir Jehu gesalf tot koning oor Israel met die opdrag om die koningshuis van Agab uit te roei. Jehu doen dit ook en dood vir Joram en Isebel en al die afstammeling van die huis van Agab. Vervolgens het hy die Baälgodsdiens uitgeroei en daarmee saam ook al die Baalaanbidders. Van daardie tyd af het afgodediens en afgode-aanbidderie nie meer in Israel plaasgevind nie. Van die naalde, klippe en bome het steeds oorgebly, maar dit is in verband gebring met die aanbidting van *Jahwe*.

Jehu stig die tweede en laaste vorstehuis in die koninkryk van Israel en Samaria. Een van sy belangrikste take was om Israel te beskerm teen die Arameërs. Die manne tot sy beskikking was egter te min om dit reg te kry en hy nader die Assiriërs en moedig hulle aan om die Arameërs opnuut aan te val.



Jehu se ambassadeurs dra vir die koning van Assirië (Salmanassar III) geskenke aan vir hierdie doel, maar Salmanassar III dink dis is net 'n huldeblyk. Daar vind wel 'n oorlog plaas tussen die Arameërs en die Assiriërs in 842 en 839, maar daarna is daar vir 'n tydperk 'n groot stilte en is Israel en Samaria aan hulle eie lot oorgelaat. Dit vra baie van Israel om tydens hierdie tydperk hulself te verdedig maar hulle slaag tog daarin. Godsdienstige speel ook in hierdie tyd 'n deurslaggewende rol en word hand-aan-hand verstaan met die nasionale doelwit.

Joahas, Jehu se seun, volg hom op en nadat hy berou getoon het oor sy verkeerde optrede het hy sukses behaal oor die Arameërs en hulle finaal as bedreiging geëlimineer. By Joahas het sy seun Joas oorgeneem en by Joas het sy seun Jerobeam II oorgeneem. In die tydperk het dit met koninkryk van Israel baie goed gegaan en het hulle 'n belangrike mag geword. Ook is die Moabiete in hierdie tydperk weer aan die heerskappy van Israel onderwerp. Die koninkryk se grense het gestrek vanaf die spruit van die vlakke in die suide tot by Hamat in die noorde (Hos 6:14).

#### 4.2.5 God, die wêreld en die lewe van die mens in ou Israel

Wellhausen (2004:314) sê dat die tydperk tussen 850 v.C. en 750 v.C. die tydperk was waarin die Hebraïese literatuur begin floreer het. Voor hierdie tydperk was daar ook geskrifte, maar dit was hoofsaaklik inskripsies op klip. Daar het voor hierdie tydperk ook 'n ontwaking van die mens se historiese bewussyn ten opsigte van sy godsdienst ontstaan, maar het hoofsaaklik uitdrukking in liedere gevind. Liedere soos “Die boek van die oorloë van Jahwe” en “Die boek van Jasar” was van die oudste historiese boeke. Hierna is begin met die neerskryf van verhalende geskiedenis met die hulp van regsdokumente en familie herinneringe. 'n Groot gedeelte van hierdie literatuur word in die boeke van Rigters, Samuel en Konings gevind. Ook word sekere besluite van die priesters en wette soos wat gevind word in Eksodus 21 en 26, ook in hierdie periode op skrif gestel. Na hierdie periode is die verhale van die aartsvaders en die oergeskiedenis op skrif gestel. Ook die Jahwistiese verhale, wat die oudste bron in die Pentateug is se inhoud is afkomstig uit 'n tydperk nadat Israel 'n verenigde koninkryk geword het.

Gedeeltes soos Genesis 27:29 vertel reeds van die onderwerping van Edom. Genesis 31:52 vertel ons dat daar grensoorloë met die Arameërs gevoer is. Dit val op dat die eerste profete Elia en Elisa nie dinge op skrif gestel het nie terwyl 'n profeet soos Amos wat slegs honderd jaar later op die toneel verskyn het, as 'n skrywer beskou is. Hierdie feit is vir ons die aanduiding hoe vinnig die proses verloop het van 'n tydperk waarin daar net mondelinge tradisies was totdat opskrifstelling plaasgevind het.

In die familie het dit as volg gewerk: monogamie was die gebruik, maar die getal byvroue was onbeperk. Dit was nie as verkeerd beskou dat familie met mekaar trou nie en ouers het volle seggenskap oor hulle kinders gehad en kon met hulle doen wat hulle wou. Slawe was nie onderdruk nie en het volgens Wellhausen (2004:314-315) dieselfde sosiale status as hulle eienaars gehad. Slawe het nie dieselfde politieke waarde as by die Grieke en Romeine gehad nie en 'n afskaffing van die slawestelsel sou nie 'n nadelige effek op die staat gehad het nie. Landbou is as die taak en roeping van die mens gesien (Gen. 3-4) en die wette in Genesis 21-23 berus totaal en al op hierdie veronderstelling. Kuns, industrie en handel was totaal onderontwikkel. Dit was by die Kanaäniete dat Israel geleer het om handel te dryf.

Dorpe het belangriker begin word as die platteland en geld het begin om toe te neem en het al hoe belangriker geword. Dit was veral koning Salomo wat gekonsentreer het op handel. Hy het groter landerye afgesonder vir landbou en dit het die kleinboere begin versmoor. Dit het tot groter armoede onder veral die persone met 'n lae inkomste gelei. Baie Israeliete het uit nood hulself as slawe verkoop. Die vooruitgang lei tot die gebruik van klip om geboue te bou en word stede nou met klipmure omring vir beskerming. Tydens aanvalle skuil die inwoners in hierdie gefortifiseerde stede. Op die terrein van die militêre is daar ook vooruitgang. Met die begin van Dawid se koningskap was dit nog die gebruik om te voet te veg, maar tydens sy heerskappy sien die strydwa die lig en word dit 'n baie belangrike wapen. Die spies word deur die pyl en boog as die belangrikste aanvalswapen vervang.

Die regering van die Noordryk het hoofsaaklik 'n militêre karakter gehad. Die provinsies het elkeen 'n goewerneur gehad wat hoofsaaklik verantwoordelik was vir die insameling van die belastinge. Dit was nie die staat se verantwoordelikheid om interne administrasie toe te pas nie en elkeen moes sy eie belang beskerm. Die koning was die hoogste regter en regeerder alhoewel daar ook ander vorme van regstelsels was wat in die gemeenskap en families self fungeer het. Die militêre regering het goed gefunksioneer as daar oorlog was, maar in die alledaagse lewe met sy sosiale probleme het dit tekort geskied.

Hierdie tekort het egter nie gekeer dat daar tog ook vooruitgang was nie. Wellhausen sê *The weakness of the government, the want of political consolidation, were insufficient to arrest intellectual advance or to corrupt the prevailing moral tone and feeling for justice; in fact it was precisely in this period (the period in which the main part of the Jehovistic history must have been written) that the intellectual and moral culture of the people stood at its highest* (2004:316).

In hierdie tydperk het die nasionale godsdiens ook die geestelike lewe van die volk van 'n baie sterk basis voorsien. Hoewel die Ou Testament dit oordryf, het godsdienstige leiers soos die profete, die mag gehad om konings aan te stel of tot 'n val te laat kom (Wellhausen 2004:316). Dit was nie altyd die geval nie, maar in die geval van Elia en Elisa was dit wel so. Profete het in die meeste gevalle die status quo gehandhaaf en die wil van die regeerders bevorder. Die invloed van die profete was selfs kleiner as die van die priesters (Wellhausen 2004:316).

Die Wet van *Jahwe* raak prominent in hierdie tydperk en word aangevuur deur die priesters. Die Wet het nog nie die rol vervul om regsuitsprake te maak nie. Dit is hoofsaaklik gebruik om kennis van God, en dat God die ware God was oor te dra. Die wet, en die morele invloed van *Jahwe* op die lewe van die volk, is belangriker geag as die kultus self. Die kultus is egter meer beoefen as die wet. Die gewone man op straat het gevoel dat deelname aan die kultus en die gebruike, baie meer waarde vir elke dag gehad het, as net die onderrig van die wet.

Die hoeveelheid altare en aanbiddingsvoorwerpe wat opgerig is, is hiervan 'n duidelike getuienis. Die belangrikste aanbiddingsplekke was Bet-el, Berseba en Gilgal en hier was die aanbiddingsvoorwerpe oordrewe. Die belangrikste godsdienstige feeste wat gevier is, was paasfees, die fees van die weke en die belangrikste was die fees van die insameling van die oes aan die einde van die jaar (vgl. ook Van Seters 1983:167-168). Hierdie feeste was publieke feeste waaraan almal moes deelgeneem het. Wanneer iemand die teenwoordigheid van God of die leiding van God gesoek het met betrekking tot 'n sekere saak, het hy dit in sy privaatheid gedoen.

Die meeste van Israel se godsdienstige praktyke is van die Kanaäniete afkomstig of bevat elemente van die Kanaänitiese godsdienst. Hierdie siening word ook vandag nog wyd aanvaar. Van der Toorn (1998:23) sê: *Canaanite religion, though inferior, is valued as the soil from which the superior Israelite religion sprang*. De Moor (1990:108) sê dat al hoe meer geleerdes vandag die siening begin huldig dat die vroeë Israeliete eintlik Kanaäniete self was. Dit kan dalk 'n verklaring bied vir Wellhausen (2004:317) se siening dat dit byna onmoontlik is om die Kanaänitiese elemente en wat as werklik Israel se eie godsdienstige elemente beskou kan word, van mekaar te onderskei. Al was daar Kanaänitiese invloede in Israel se godsdienst het al hierdie elemente in Israel se godsdienst nuwe betekenis gekry en was die uitsluitlike doel om *Jahwe* as die God van Israel te aanbid en nie enige ander godheid nie.

Israel het nie redding by *Jahwe* gesoek nie en dit was nie die hoofdoel van Israel se godsdienst nie. *Jahwe* was die God van Israel en dit het vir Israel beteken dat *Jahwe* hulle moes help. Dit het beteken dat *Jahwe* vir Israel moet help in alle aspekte van hulle daaglikse lewe. Vergifnis van sondes was ondergeskik en was die godsdienst nie gebou op geloof nie, maar op die ervaring van God wat help. Daar is geglo dat *Jahwe* somtyds in 'n slegte bui was en dan was dit nodig om van tyd-tot-tyd sekere offers te bring sodat mense weer in God se guns sou kom. Daar is ook geglo dat God mense reeds op aarde veroordeel en dat dit nie iets is wat eers na die dood sal gebeur nie. Godsdienst was iets kollektief en daarom oordeel God oor die hele volk of help hy die hele volk en nie net individue onder die volk nie (Wellhausen 2004:317-318).

#### 4.2.6 Die val van Samaria

Onder die heerskappy van Jerobeam II bereik Israel nuwe en roemryke hoogtes. Bet-el word die grootste en belangrikste aanbiddingsplek in Israel. Dit is tydens een van hierdie belangrike feeste dat die profeet Amos, 'n Judeër van Tekoa, opstaan en die val van die koninkryk van Israel aankondig en voorspel dat sy inwoners na 'n vêrafgeleë land in die noorde weggevoer sou word. Wellhausen (2004:104) sê dat Amos se aankondiging nie berus het op die morele verval in die ryk of omdat sosiale ongeregtheid aan die orde van die dag was nie, maar omdat die Assiriërs vir Israel die grootste bedreiging ingehou het.

Die gewone landsburgers het nie geweet hoe om hierop te reageer nie en die regeerders het gevoel dat hulle oor 'n sterk militêre mag beskik. Beide partye het geglo dat *Jahwe* die God van Israel is en dat Hy hulle sal beskerm. Dit was egter Amos se woorde dat *Jahwe* self nou teen Israel gedraai het en dat Hy die Assiriërs gaan gebruik om Israel te vernietig, wat vir hulle tot in hulle fundamente geskud het. Israel het geweet dat God somtyds wag voordat Hy in 'n krisis help, maar sy hulp kom altyd. Hierdie hulp het hulle altyd gekoppel aan die “dag van Jahwe” (יום יהוה). 'n Dag waarop *Jahwe* weer tot die redding van Israel sal verskyn en wat 'n verskriklike dag vir die vyande van Israel sal wees. Amos gebruik nou ook hierdie term, maar hierdie term sal nie nou vir Israel uitkoms uit hulle nood beteken nie, maar erge ellende (Amos 5:18-20).

Amos gaan verder en spreek ook Israel se valse vertroue aan. Israel het geglo dat omdat *Jahwe* in Israel aanbid word en sy altare en tempels daar is, dit ook sy blyplek is. Solank Israel Hom aanbid het hulle niks om te vrees nie. Amos sê dat dit 'n valse vertroue is. God laat Hom nie deur Israel se offers en godsdienstige praktyke omkoop nie. God soek geregtigheid en reg en daarvan is daar nie sprake in Israel nie. Israel se optrede en godsdienst is vals en God haat Israel se valsheid. Amos noem God nie die God van Israel, soos wat hulle van God gepraat het nie, maar die God van die leë skare. Amos se optrede lei 'n nuwe fase van profesie in Israel in. Sy tema is die Assiriërs wat teen *Jahwe* en Israel veg en die uiteindelijke val van Israel.

Tot op daardie stadium het die gebied rondom Palestina uit kleinerige volke bestaan wat van tyd tot tyd met mekaar in konflik was. Daar was nog nie groot wêreldmagte wat alles oorheers het nie. Dit verander met die opkoms van die Assiriërs wat nou 'n wêreldmag word. Hierdie nuwe tendens word voortgesit deur die Babiloniërs, Perse, Grieke en die Romeine wat na die Assiriërs volg. Hierdie nuwe era van profete wat ingelei word met die optrede van Amos, kom spreek nie seën op Israel uit nie, maar onheil. Hulle swem nie saam met die stroom, soos Wellhausen (2004:320) opmerk nie, maar teen die stroom. Hulle het begin profeteer vanweë 'n sekere opvatting van *Jahwe* en nou word hulle deur hierdie opvatting ontnugter. *Jahwe* is nie meer onvoorwaardelik aan Israel se kant nie en word hierdie verhouding nou een van voorwaardelikheid. Solank as wat Israel aan God gehoorsaam is en die geregtigheid van *Jahwe* handhaaf, só lank sal God Israel se God wees.

Wellhausen maak die volgende belangrike opmerking oor die verandering wat plaasgevind het met die opkoms van hierdie tipe profete wat nou verkondig dat *Jahwe* net aan Israel se kant is, solank hulle gehoorsaam is en reg optree: *The ethical element destroyed the national character of the old religion* (2004:320). Dit beteken dat die profete die eerste tree gegee het weg van 'n godsdiens waar die dade van die volk die voor en teenspoed van die hele volk bepaal het. Dit was die eerste tree na 'n individualisering van die godsdiens. Die profete word nou die stigters van wat Wellhausen (2004:108) die etiese monoteïsme (*ethische Monotheismus*) noem. Die definisie van etiese monoteïsme word as volg beskryf: *Ethical Monotheism is a term used to describe a belief in one God who guides humanity through ethical principles. This can be seen as distinct from monotheistic beliefs which may be based on dogma or doctrines* (What is ethical monotheism? 2011). Hulle spreek nog steeds die volk en nasie aan eerder as die individu, maar die eerste tree na die individualisering van die godsdiens word deur die profete gegee. Die feit dat die koninkryk van Israel tot 'n val gekom het, het vanweë die profete se optrede nie daartoe gelei dat die geloof in *Jahwe* ook daardeur tot 'n einde gekom het nie.

Dit het nie lank vir Amos se uitspraak geneem om in vervulling te gaan nie. Na die regering van Jerobeam II begin die dinge in Israel uitrafel en dit speel reg in die hande van die Assiriërs. Sagaria, die seun van Jerobeam II, word na 'n kort regering van slegs een jaar deur Sallum, wat hom vermoor, opgevolg. Sallum word na 'n burgeroorlog opgevolg deur Menahem. Hy moes volgens Wellhausen (2004:321), hulp van buite die landsgrense gehad het om die uitbreiding van die Arameërs ten koste van Israel die hoof te bied. Menahem het Hamat en Juda in die suide as 'n bedreiging gesien en het verkeerdelik vermoed dat die twee state saamspan om teen hom te mobiliseer. Menahem het die aanvalle van die Assiriërs deur Tiglat-Pileser II teen Hamat en Aram as 'n gulde geleentheid gesien om hierdie bedreiging te bowe te kom. Hy betaal dan ook 'n groot bedrag as huldeblyk aan Tiglat-Pileser II vir sy bystand in die aanvalle teen Hamat. Hierdie aksie van Menahem het egter teen Israel gedraai aangesien die Arameërs nou die hulp van Egipte opgesoek het teen die Assiriërs en dit lei daartoe dat Israel nou tussen hierdie twee groot wêreldmagte vasgekeer word.

Menahem dra sy koningskap oor aan Pekahia wat deur Peka vermoor word. Kort nadat Peka aan bewind gekom het, word ook sy regering en koningskap omvêr gegooi. Hosea tree as profeet op in hierdie tyd en dit is duidelik dat algehele verval in Israel self aan die orde van die dag is. Die bedreiging deur die Assiriërs was 'n groot gevaar, maar dit lyk of die weerstand van binne die land verbrokkel het. Oral was daar onmin en opstandigheid en vanweë die vinnige verwisseling van die konings, kon nie een daarin slaag om regtig beheer te neem oor die land en die orde te herstel nie.

Daar was ook 'n algehele verwarring en onenigheid onder die volk en sy leiers oor watter van die twee magte, naamlik Egipte of Assirië, as bondgenoot genader moet word. Die situasie het hopeloos gelyk. Die priesters probeer om in hierdie omstandighede by *Jahwe* hulp te soek en word daar na die altare van *Jahwe* gedraai en gee die volk hulself oor aan vroom optredes. Op hierdie manier het hulle geglo kan hulle in guns by *Jahwe* kom sodat Hy die onheil, wat al hoe dreigender geword het, kon afweer. Hosea spreek hom uit teen Israel se siening dat hy *Jahwe* met sy offers en vroom gedrag kan omkoop en maak dit af as heidense afgodery en owerspel.



Hosea erken dat God die enigste ware God is en dat net Hy regtig kan help, maar daar is ook bepaalde voorwaardes. Israel sal totaal en al moet verander en van hierdie verandering sien Hosea geen teken nie. Vir Hosea is die val van Israel onafwendbaar en is die verhouding tussen *Jahwe* en Israel onherstelbaar verbrokkel. Alles is nou hopeloos, maar eendag sal hierdie verhouding weer herstel word.

Peka, die koning van Israel in Samaria, sluit met die koning van Damaskus, koning Resin, 'n ooreenkoms en hulle val saam vir Juda aan. Agas wat op daardie stadium die koning in Juda was, slaag daarin om hierdie aanval af te weer deurdat hy die Assiriërs oorreed om hom te help. Juda val nou onder die beskerming van die Assiriërs. Tiglat-Pileser val Israel van die see se kant af aan en vestig homself die volgende jaar in die gebied van Israel. Hy vernietig die vestings van Gilead en Galilea en sluit 'n vredesooreenkoms met Samaria. Die voorwaarde van die vrede was dat hy die kop van koning Peka en 'n jaarlikse belasting sal ontvang. Hosea, die seun van Ela, regeer daarna vir tien jaar in Samaria en betaal elke jaar sy belasting aan die Assiriërs. Met die afsterwe van Tiglat-Pileser kom die Siro-Palestynse koninkryke en Samaria in opstand teen die Assiriërs. Hosea gaan soek hulp by die Etiopiërs en die Egiptenare maar voordat hulle kan help val die Assiriërs onder nuwe leierskap van Salmanassar IV, Israel aan.

Hosea word deur die Assiriërs gevange geneem. Samaria bied vir 'n tyd lank goeie weerstand teen die Assiriërs, maar word wel later oorwin en ingeneem deur Sargon, Salmanassar se opvolger. Om te voorkom dat daar weer enige verdere opstande kan plaasvind het Sargon al die inwoners van die land in ballingskap laat wegvoer na Calachene, Gozanitis en Armenië. Die ballinge is deur die omringende volke opgeneem en verswelg en ook hulle godsdiens verdwyn heeltemal sodat daar geen teken meer van gevind kon word nie. Omdat die godsdiens van die noordelike ryk met die ballingskap verdwyn het, het dit volgens Wellhausen (2004:322) bygedra tot die behoud van die godsdiens van Juda (vgl. ook Finkelstein en Silberman 2006:269275).

Die profete dra ook hiertoe by en Wellhausen beskryf die profete se rol in die behoud van Juda se godsdiens as volg: *The fact that the fall of Samaria did not hinder but helped the religion of Jehovah is entirely due to the prophets. That they had foreseen the downfall of the state, and declared in the name of religion that it was inevitable, was a matter of much greater historical importance than the actual downfall itself* (2004:322).

#### 4.2.7 Die val van Juda

Juda het in die skadu van Israel gestaan en is sy politieke geskiedenis tot op hierdie punt hoofsaaklik deur sy verhouding tot Israel bepaal. Met die val van die vorstehuis van Omri breek daar 'n onheilspellende tyd aan vir Israel sowel as Juda. Tydens sy koningskap, vermoor Jehu vir Ahasia van Juda. Hy vermoor daarmee saam twee-en-veertig ander lede van Dawid se koninklike huis wat in sy hande val. Ook die oorlewendes van hierdie aanslag, wat meestal kinders was, word deur Ahasia se ma Atalia vermoor. Net een seuntjie oorleef hierdie moord en dit was Joas. Ses jaar later word Joas as koning oor Juda gesalf. Joas koop die Arameërs om met skatte uit die tempel om Jerusalem nie aan te val nie. Later het sy eie volgelingen teen hom in opstand gekom en hom doodgemaak. Hy word opgevolg deur sy seun Amasia wat ook vermoor word. Amasia het 'n roekelose en onsuksesvolle oorlog teen Israel gevoer en was ook nie 'n goeie koning nie.

Amasia word opgevolg deur Ussia en onder Ussia beleef Juda 'n tydperk van welvaart. Hy verkry weer beheer oor Edom. Edom was ook deur Dawid in besit geneem, maar het later weer weggebreek. Hy slaag ook daarin om handel by die hawe van Elat weer te laat herleef, soos wat Salomo tydens sy regering gedoen het. Hy was 'n baie suksesvolle koning en het vir lank regeer totdat hy siek geword het met melaatsheid en die leisels aan sy seun Jotam oorgegee het. Jotam leef ook nie lank nie en sterf omtrent dieselfde tyd as sy pa. Hy word opgevolg deur Agas, sy seun. Soos ons reeds gesien het, het Juda in Israel se skaduwee geleef. Die voordeel wat Juda egter gehad het, was dat dit nie aan dieselfde vyande blootgestel was as Israel nie.

Vir Juda was Egipte wat in die suide geleë was, nie 'n groot bedreiging nie, want Egipte was nie vyandig gesind teenoor Juda nie. Juda was in sy regering ook baie meer stabiel as Israel (Wellhausen 2004:322-323).

Dit was te danke aan Dawid dat stabiliteit van sy tyd af al deel was van Juda se heerskappy. Dawid lig Juda en Jerusalem uit ten opsigte van hulle historiese belangrikheid en hulle godsdienst. Die voortsetting van die koningskap uit die huis van Dawid was belangrik. Twee maal het dit gebeur, soos ons reeds hierbo gesien het, dat sluipmoordenaars die koning vermoor. Elke keer het die volk in opstand gekom en gesorg dat daar weer 'n persoon uit die geslag van Dawid op die troon sit om oor Juda te regeer. Te danke aan hierdie stabiliteit ten opsigte van die koningshuis, was daar ook stabiliteit ten opsigte van die ander staatsinstellings. Dit verskil van Israel waar die nuwe koning wat aan bewind gekom het van sy voorganger en van die vorige koning se amptenare ontslae geraak het. In ekstreme gevalle het Jehu selfs die hele koningshuis laat vermoor, nadat hy die koningskap oorgeneem het.

Juda se landelike gebied was redelik primitief en eenvoudig, maar in die stad Jerusalem was dit heelwat anders. Die koning wat in Jerusalem regeer het, het die stad probeer uitbou en verbeter en dit was veral koning Hiskia wat goed hierin geslaag het. Die tempel was van groot belang en het 'n belangrike invloed uitgeoefen op die hele bevolking van Juda. Die koning het ook die finale sê gehad oor hoe die kultus ingeruim moes word.

Alhoewel die priesters baie mag gehad het, was hulle steeds in diens van die koning en moes toesien dat dinge in die tempel gebeur soos wat dit die koning behaag. Wellhausen (2004:323) sê dat dit heeltemal onwaar is dat die godsdienst van Juda in Jerusalem baie suiwerder was as die godsdienst van Israel in Samaria en Bet-el. Dat die inwoners van Juda baie geleer het uit die foute wat die mense van Israel gemaak het, is egter waar. Hiervan is die optrede van Amos van Tekoa 'n baie goeie voorbeeld.

Tekoa is 'n klein dorpie in Juda en dit is hier waar Amos gesien het wat die inwoners van Israel verkeerd doen en vanwaar hy dan na Juda gegaan het om hulle te waarsku teen die sonde van Israel.

In dieselfde mate waarin Israel besig was om na die koningskap van Jerobeam II agteruit te gaan, was Juda daarteenoor al hoe meer aan die vooruitgaan. Een persoon wat 'n groot rol gespeel het om Juda te vestig as die opvolger van Israel en daarmee saam ook 'n konsolidering van die godsdienst, was die profeet Jesaja. Jesaja begin al profeteer in die tyd van Agas. Hy voorspel die val van Samaria en dreig ook vir Juda met God se straf vanweë sy politieke en sosiale sondes. Hy sit die trant van Amos se uitsprake voort in veral Jesaja 2 - 4 en 9. Met die opmars van die Arameërs en die Efraimiete teen Jerusalem het hy hard met Agas gepraat om nie die hulp van die Assiriërs in te roep nie, want *Jahwe* sal vir hulle die uitkoms bewerk. Agas luister egter nie na Jesaja nie. Hierop het Jesaja aangekondig dat dit sleg met Juda sal gaan en dat Juda die slagveld van die Egiptenare en Assiriërs gaan word wanneer Egipte gaan ontstaan om die opmars van die Assiriërs te stuit.

Egipte het egter nie opgestaan om teen die Assiriërs te veg nie en Juda word 'n kolonie van Assirië solank hy sy belasting aan Assirië betaal. In hierdie tydperk ervaar Juda ook vooruitgang. Dit word van nou af Jesaja se hoofdoel om hierdie toestand van vrede en stabiliteit te handhaaf en Juda te keer om in te meng by die groot magte se sake. Hy wil hê dat Juda op sy eie interne aangeleenthede sal fokus en sy eie sake in orde kry. Hy slaag dan ook vir etlike jare daarin om vrede met Assirië te handhaaf. Omdat die ander kleinere volke elke keer onderdruk word as hulle hul teen Assirië verset, sien Jesaja dit as 'n teken dat *Jahwe* die Assiriërs as straf gebruik op Juda se oortredings en dat Juda hierdie tugtiging van *Jahwe* so moet aanvaar (Wellhausen 2004:324).

In die sowat dertig jaar wat Juda vrede met sy bure gehad het, het baie dinge egter binnelands gebeur. Hiskia begin met uitgebreide hervormings aan die kultus van *Jahwe*.

In 2 Konings 18:4 lees ons: “Hy het die hoogtes afgeskaf en die klippilare verbreek en die heilige boomstamme omgekap en die koperslang wat Moses gemaak het, stukkend gestamp, omdat die kinders van Israel tot op dié dae daarvoor offerrook laat opgaan het; en hy het dit Nehústan genoem”. Hierdie hervormings ten opsigter van die aanbidding van *Jahwe* moes volgens Wellhausen (2004:324) vanweë die invloed van Jesaja plaasgevind het. Hiskia voer egter nie hierdie hervormings ten volle deur nie en behou steeds die aanbiddingsplekke op die Olyfberg buite Jerusalem vir vreemde gode.

Jesaja se grootste doel was om ’n einde te maak aan die skep van afbeeldings van *Jahwe* en dit dan te aanbid. Hier volg Jesaja in die voetspore van die profeet Hosea wat met hierdie veldtog begin het. Die hoogtes, die altare en die aanbiddingsplekke word gereinig van afbeeldings van *Jahwe* en ander bygelowe, maar die plekke self, bly onaangeraak. In 705 v.C. word Sargon opgevolg deur Sanherib as koning van Assirië. Hierdie geleentheid word aangegryp deur Meradag Baladan van Babilonië om die Assiriese juk af te gooi en onafhanklik te word. Hy sweep ook die ander kolonies in Palestina en Damaskus op om dieselfde te doen. Hiskia gee gehoor aan hierdie oproep en smee ook bande met Egipte met die oog daarop om van hulle hulp te kry, indien hy dit sou benodig. Sanherib laat die Palestynse kwessie eers voorlopig so, aangesien die Babiloniese aangeleentheid sy volle aandag verg. Dit gee aan Juda en die ander Palestynse state kans om hulself te hergroepeer. Dit was in hierdie tydperk dat die profeet Jesaja sy belangrikste invloed laat geld het. Die voorbereidings vir die verset teen die Assiriërs en die sluiting van ’n verdrag met Egipte word alles vir Jesaja weggesteek. Die koning en die regering het geweet hoe sterk Jesaja daarvoor voel en was bang vir hom en sluit hom dus uit (Wellhausen 2004:325).

Toe Jesaja wel hiervan uitvind, was dit te laat om enige iets aan die saak te kon doen. Hy gee wel uiting aan sy woede. Hy sê dat die geskiedenis van Samaria hom nou ook in Juda gaan herhaal. Hy sê dat hulle krag moes gelê het in “stil wees en vertrou” (Jes. 30:15) en nou het die hebsug na mag hulle in onkunde en valsheid laat optree. Omdat hulle nie na *Jahwe* wou luister nie, gaan *Jahwe* die Assiriërs gebruik om hulle te straf.

Intussen was Sanherib besig om met sy weermag op te mars al langs die Fenisiese kus in die rigting van die Filistyne en Juda. Hy verower die stede van Askelon, Ekron en verslaan die gekombineerde magte van die Egiptenare en Etiopiërs. Hy verower ook van die vestingsstede van Juda en verwoes die Judese platteland. Hiskia sluit uit desperaatheid met Sanherib 'n ooreenkoms. Hy onderwerp hom vrywillig aan die Assiriërs en betaal 'n hewige boete. In ruil daarvoor kan hy aanbly en oor Jerusalem regeer.

Met Jerusalem in sy mag, vertrek Sanherib na die suide om Egipte te gaan aanval. Hoe nader hy aan Egipte gekom het, hoe meer het hy begin twyfel of dit die regte ding is om te doen terwyl Jerusalem steeds in die hande van Hiskia was. Indien Hiskia sy besluit herroep en teen hom draai, sal hy vasgekeer wees tussen twee vyande. Hy draai dus om en gaan terug na Jerusalem en eis sy oornam. Hy het egter nie tred gehou met een man se oortuiging en vaste vertrouwe in *Jahwe* nie. Dit was die profeet Jesaja.

Die profeet Jesaja beskou die opstand van die Assiriërs as 'n opstand teen *Jahwe*, wat vir Juda tot 'n geweldige straf sal lei. Ten spyte daarvan dat Juda aan die korste end gaan trek, voorspel hy dat Juda nie uitgeroei sal word nie, maar dat *Jahwe* weer iewers in die toekoms sy volk sal herstel en vorm soos wat dit vir Hom aanneemlik sal wees. Al sal dit op die korttermyn met Juda sleg gaan, sal *Jahwe* weer die lig vir hulle laat skyn en hulle bewaar. Jesaja moedig vir Hiskia aan om hom te verset teen Sanherib en nie aan die Assiriërs oor te gaan nie. Hy sê dat *Jahwe* die stad sal beskerm en dat die Assiriërs nie in hulle doel sal slaag nie. In Jesaja 37:28-29 spreek *Jahwe* die Assiriërs aan met die volgende woorde: "Maar Ek ken jou sit en jou uitgang en jou ingang en hoe jy teen My raas. Omdat jy teen My raas en jou trotsheid opgekom het in my ore, daarom sal Ek my haak in jou neus sit en my toom tussen jou lippe en jou terugbring met die pad waarmee jy gekom hê".

In 'n onverklaarbare gebeurtenis word die Assiriërs in die gebied tussen Egipte en Palestina uitgeroei en is die bedreiging teen Juda daarmee afgeweer. Jesaja tree as held uit die situasie met sy raad aan Hiskia.

#### 4.2.8 Die profetiese reformasie

Volgens Wellhausen (2004:327) was Jesaja die beste voorbeeld van 'n profeet en word daar selfs na sy vrou as 'n profetes verwys (Jesaja 8:3). Hy was ook heeltemal anders as die profete Amos en Hosea. Hy staan nie soos hulle teenoor die regering van die dag nie, maar is deel van die regering en die besluite wat oor Juda geneem word. Hy het gesien hoe Israel vernietig is en probeer nou alles in sy vermoë doen om te keer dat dieselfde lot Juda tref. Wanneer hy in belangrike besluite teengestaan word, vergader hy mense rondom hom wat dieselfde as hy dink en op wie hy sy vertroue vir die toekoms bou. Tydens die bedreiging van die Assiriërs was dit Jesaja se grootste doel om die godsdienst van Juda weg te hou van enige sosio-politieke aktiwiteite. Vir Jesaja het die antwoord daarin gelê om stil wees en te vertrou. Jesaja het ook druk op die regering uitgeoefen vir godsdienstige hervormings en dit lei daartoe dat Juda 'n kerklike staat word. Wellhausen (2004:328) sê dat Jesaja die eerste tree gegee het na die instelling van die kerk toe.

Die katastrofe van Sanherib se skielike val het nie veel verandering in Juda se verhouding met sy bure te weeg gebring nie. Na Sanherib neem sy seun Assaradon in 681 v.C. by hom oor en hy sit die gevegte teen Egipte voort. Hy behaal heelwat suksesse en neem beheer oor die hele Nyl-vallei oor en onderdruk die Etiopiërs. Dit lei daartoe dat Palestina weer na die verhouding van afhanklikheid en onderdanigheid teenoor Assirië terugkeer. Juda onderwerp hom vrywilliglik aan Assirië. Die Samaritane weier egter en hulle word met geweld onderdruk. Baie van die Samaritane word weggevoer en die onbewoonde gebiede word deur buitelanders ingeneem wat ook die kultus van die land aanneem.

Manasse neem die koningskap by Hiskia oor, maar Juda bly steeds onder Assiriese oorheersing. Konings vertel net vir ons van Manasse se binnelandse sake en beeld hom uit as 'n slegte en wrede koning. Hy het die bloed van baie onskuldige inwoners laat vloei asof dit water was (2 Kon. 21:16). Die grootste invloed wat Manasse gehad het ten opsigte van die toekoms, was dat hy teen die profete gedraai het.



Hy het met sy optrede die ou populistiese, halfheidense opvatting van *Jahwe*, weer na Juda se godsdiens laat terugkeer. Die ou afgebreekte afgodery en aanbiddingsplekke is onder Manasse weer ingestel en herstel. Hy het nuwe fieterjasies van oral laat invoer, veral van Babilon en Assirië, om die ou godsdiens weer te herstel. Voor die profetiese reformasie was afgodediens op die hoë plekke nie as sonde gesien nie omrede mens redelik naïef was oor hulle optrede. Na die reformasie was hierdie praktyk van Manasse egter as sonde beskou en moes daar versoening gedoen word vir hierdie oortreding.

In Miga 6:1-7:6 word die wetteloosheid en die minagting van enige morele beperking en hoe die profete daaroor geoordeel het, vir ons beskryf. Wellhausen (2004:328) sê dat dit gedurende hierdie tydperk is dat die Dekaloog waarskynlik op die toneel verskyn het. Die Dekaloog word die fundamentele wet van die teokrasie. Manasse het 'n lang tydperk regeer. Wellhausen (2004:328-329) sê dat die regeringstydperk van Manasse nie histories korrek kan wees nie en dat dit teologies gemotiveerd is (vgl. ook Kelly 2002:136). Sy seun Amon neem by hom die koningskap oor en hy regeer egter net vir 'n klein rukkie voordat hy sterf. Sy sterfte het ook saamgeval met die einde van die heerskappy van die Assiriërs. Die volgende bedreiging vir Juda, het gekom van die Skithiese magte.

Die bedreiging van die Skithiese magte laat weer van die profete opstaan en dit is Sefanja en Jeremia wat na vore tree. Hulle verkondig dat hierdie magte vir Juda met dieselfde lot gaan tref as wat met Israel gebeur het. Die Skithiese magte het Palestina ingeval en het teen die kus af gevorder tot by Egipte. Die Skithiese magte het egter vir Juda uitgelos. Dit het 'n geweldige indruk op die inwoners van Juda gelaat en dit was beskou as *Jahwe* wat hulle teen die gevaar beskerm het. Die meerderheid van die inwoners het die profete se reformasie ondersteun. Dit was in hierdie tydperk dat Josia die seun van Amon op die toneel verskyn as koning van Juda. Die omstandighede vir 'n totale reformasie van die godsdiens van Juda was nou baie gunstig.

Die ontdekking van die wetboek van Deuteronomium in die vervalde tempel het verder stukrag aan hierdie hervorming van Josia gebied. Hierdie wetboek word dan ook nou die “handleiding” waaraan die hervorming wou voldoen<sup>5</sup>.

Volgens die Deuteronomiese wetboek was *Jahwe* die enigste God en wat met hart en siel gedien moes word. Hy het met Israel 'n verbond gesluit. Hierdie verbond was egter voorwaardelik. Hierdie voorwaardes word in die wetboek van Deuteronomium vervat is suiwer moreel en beskik oor 'n absolute universele karakter. God vra niks vir homself nie, maar vereis dat mense reg teenoor mekaar sal optree, volgens Wellhausen (2004:329).

Hierdie eise wat *Jahwe* aan sy volk stel is nie moeilik om na te kom nie en word ook so uiteengesit in Deuteronomium 30:11-14: “Die gebod wat ek jou vandag beveel, is nie te moeilik vir jou nie. Dit is ook nie buite jou bereik nie. Dit is nie in die hemel nie, sodat jy nie hoef te sê: ‘Wie sal vir ons opklim hemel toe om die gebod vir ons te gaan haal en ons dit mee te deel sodat ons daarvolgens kan lewe’ nie. Dit is ook nie oorkant die see nie, sodat jy nie hoef te sê: ‘Wie sal vir ons oorvaar na die oorkant toe om die gebod vir ons te gaan haal en ons dit mee te deel sodat ons daarvolgens kan lewe’ nie. Die gebod is baie naby aan jou, jy kan daarvoor praat, jy ken dit, jy kan daarvolgens lewe”. Hierdie nuwe wette is deur die volk erken en aanvaar en daarom het hulle aanpassings gemaak ten opsigte van hulle lewens. Wellhausen (2004:330) sê: *But the result of the innovation did not correspond exactly to its prophetic origin. Prophecy died when its precepts attained to the force of laws; the prophetic ideas lost their purity when they became practical.* Wellhausen bedoel hiermee dat profesieë hulle krag verloor as hulle uitsprake die norm word, waarvolgens opgetree word. As die mense aandag gee aan die waarskuwings van die profete, dan is die profesie nie meer nodig nie, want dan het die mense aanpassings gemaak.

---

<sup>5</sup> Vir ander siening vergelyk Stott (2005:166-167). Stott bevraagteken die bestaan van so 'n Wetboek in die tyd van koning Josia. Hy sê dat dit 'n latere redaksionele byvoeging was om die verhaal meer geloofwaardigheid te gee.

Wat die hervorming van Josia bewerkstellig het, is dat die kultus van die godsdiens van Israel nou gesentraliseer is in die tempel in Jerusalem. Op enige ander plek buite Jerusalem was dit sonde om te aanbid en is al die aanbiddingsplekke nietig verklaar en afgebreek. Die tempel van Salomo word die belangrikste sentrum van die kultus en daarmee saam het ook die invloed van die priesters in Jerusalem geweldig toegeneem. Net die seuns van Sadok kan die priesterlike amp beklee. Op 'n baie fyn en slinkse manier slaag die priesters in Jerusalem daarin om die priesters en die Leviete wat diens gedoen het in die plekke buite Jerusalem, uit te werk.

#### 4.2.9 Jeremia en die val van Jerusalem

Josia het vir nog dertien jaar geleef nadat hy sy hervorming begin het. Hierdie tydperk was vir Juda 'n tyd van voorspoed ten opsigte van buitelandse en binnelandse sake. Die volk het die verbond met *Jahwe* gehad en dit ook nagekom. Die voldoening aan die vereistes van die verbond het vir die volk beteken dat die teokrasie sou bly voortbestaan. Juda verstaan ook dat *Jahwe* die verbond wat Hy met Israel gesluit het, voortsit in hulle. Alles was weer soos dit moes wees. *Jahwe* en Israel, godsdiens en patriotisme het weer hand aan hand bestaan (Wellhausen 2004:330; vgl. ook Albertz 1994:231-232).

Jeremia laat hom egter nie mislei deur hierdie algemene gesindheid onder die volk nie. Hy was 'n voorstander van die hervorming en het dit aktief help instel. Wat egter vir hom onrusbarend was, was dat die volk nou hulle sekuriteit op hulle meedoen aan die hervorming, geplaas het. Hulle het gedink dat as hulle die hervorming ondersteun en die ou praktyke los, dat *Jahwe* dan sal sorg dat niks slegs met hulle land en volk sal gebeur nie. Jeremia beskou dit as 'n valse gevoel van sekuriteit wat geplaas word in die tempel en op *Jahwe* se goedkeuring van hulle dade. Hierdie uiterlike verandering was goed, maar bied die verkeerde sekuriteit. Wat werklik moes gebeur het, was dat die volk ook 'n gesindheidsverandering moes ondergaan. Dit het volgens Jeremia nie gebeur nie en daarom voorspel hy dat Jerusalem ook eendag vernietig sal word en dat die tempel afgebreek sal word.

Met die val van koning Josia by Megiddo het die geleentheid gekom waar Jeremia sy teenkanting teen hierdie valse siening van Israel kon uitspreek (vgl. Albertz 1994:233-236).

Hy word baie ongewild weens sy siening en kom selfs in lewensgevaar vanweë sy standpunt. Hy weier egter om sy verkondiging terug te trek. Jojakim neem die koningskap by sy pa, Josia oor en begin weer die weë van Manasse volg. Hy hef nie navolging van die boek Deuteronomium op nie, maar die boek verloor sy gesag. Die besef dat die navolging van die verbond van *Jahwe* nie sukses in 'n geveg vir Israel waarborg nie, word vir hulle 'n wrede ontnugtering. Jojakim laat die gebruik van afgodery toe en ook minag hy die wet en die regter van sy onderdane. Hierdie gebeure was die begin van die vernietiging wat Jeremia verkondig het. Die Egiptenare, wat Sirië oorgeneem het en nou Palestina bedreig, word gestuit deur die Babiloniërs. Jeremia plaas sy profesie op skrif en verwys na die Babiloniërs as hy praat van “die onheil uit die noorde” (Jer. 4:6; 6:1).

Nadat die Galdeërs die Egiptenare uit Sirië verdryf het en vir Jojakim tot onderdanigheid geforseer het, het Jojakim vir die volgende drie jaar sy belasting aan die Galdeërs betaal. Onder druk van die invloedrykes, soos die rykes, profete en priesters begin hy om belasting te weerhou omdat daar 'n sterk gevoel vir onafhanklikheid ontstaan het wat deur 'n godsdienstige fanatiesisme gedryf. In 597 v.C. onderwerp Nebukadnesar egter vir Juda onder sy mag en word die invloedryke persone as ballinge na Babilon weggevoer. Onder die ballinge was ook Jojagin, die seun van Jojakim wat tydens die besetting gesterf het. Nebukadnesar stel vir Sedekia, die seun van Josia, aan as die regeerder van die agtergeblewenes in Juda.

Hierdie terugslag kon egter nie die Israeliete se strewe na vryheid en onafhanklikheid demp nie. Dit was slegs die woorde van Jeremia wat verhoed het dat die Israeliete tot aksie oorgegaan het en hulle met geweld teen die Babiloniërs verset het. Met die moontlikheid van hulp vanuit Egipte onder leiding van farao Hofra, word die strewe na onafhanklikheid weer nagejaag en verset Juda hom teen die oorheersing van die

Babiloniërs. Ten spyte van Jeremia se waarskuwings en die gevolge wat hierdie stap vir Juda gaan inhou, steur die inwoners hulle nie aan sy woorde nie. Vir 'n kort rukkie kon Jerusalem, met die hulp van die Egiptenare, homself handhaaf teen die Babiloniërs. Die Babiloniërs is egter te sterk en verslaan die Egiptenare en beset Jerusalem. Die stad en die tempel word vernietig en die meeste van die inwoners word na Babilonië weggevoer. Dit beteken ook die einde van die koninkryk van Juda in 586 v.C.

Wellhausen sê: *The prophets had been the spiritual destroyers of the old Israel* (2004:332). Die profete wou die volk aan die wet verbind omdat navolging van *Jahwe* gelê het in die navolging van die wet. Die volk het egter nie die profete se siening gedeel nie. Amos en Hosea het geglo dat as die volk die innerlike oortuiging gehad het om volgens die wet van *Jahwe* op te tree, dit gevolge sou gehad het vir hulle optrede in hulle alledaagse lewe. Dit het egter nie gebeur nie. Jeremia het besef dat dit 'n fout was en dat die oplossing nie gelê het in 'n lewe waar die volk as geheel homself moes toespits op die onderhouding van die wet nie, maar dat daar 'n verandering in mense se harte moes plaasvind. Elke individu se hart moes verander en elkeen moes hom individueel toewy aan *Jahwe*. Vir Jeremia word dit die belangrike punt van Israel se godsdienst. Hy skryf dit ook in Jeremia 31:33 as volg: "Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek *Jahwe* : Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees".

#### 4.2.10 Ballingskap en die herstel

In hierdie gedeelte skets Wellhausen (2004:332-336) vir ons iets van die lewe van Israel in die ballingskap. Anders as met die Assiriese ballingskap van Israel word die ballinge van Juda toegelaat om as families en stamme saam te woon in Babilon. Baie van die ballinge het met die heidene vermeng en hulle praktyke oorgeneem. Die meeste van die Jode het egter getrou gebly aan hulle aanbidding van *Jahwe* en hulle Joodse godsdienst. Vir hulle is dit 'n moeilike tyd en gaan hulle gebuk onder die besef dat *Jahwe* hulle verwerp het en sy verbond met hulle verbreek het.

Hulle kon nie meer hulle feeste vier en offers bring nie, omdat al hierdie feeste gekoppel was aan hulle land. Hierdie land was nou nie meer in hulle besit nie en was hulle vêr daarvandaan.

Dit was gedurende die ballingskap dat die onderhouding van die Sabbat en die besnydenis weer belangrik geword het (vgl. ook Albertz 2003:107-108). Dit word die enigste tekens waaraan die Jode van die heidene onderskei kan word. Die samekoms in die sinagoge op die Sabbat word nou ook belangrik en word daar voorgelees uit die profetiese geskrifte. Hierdie geskrifte het verklaar dat dit wat met die volk gebeur binne God se raadsplan val en dat daar ook weer vir Israel uitkoms sal kom. Met die aanbreek van Kores se heerskappy word dinge makliker en het party geglo dat hy die onderwerp was van die messiaanse profesieë. Dit was veral Jesaja (Jes. 40-66 beklemtoon hierdie aspek baie sterk) wat hierdie siening die nek om gedraai het en wat geglo het dat die persoon wat weer die koningskap van *Jahwe* sou herbou, uit Israel self sou kom en nie uit 'n heidense nasie nie.

Die Jode in Babilon moes egter geduldig wag op uitkoms en dit was eers in 538 v.C. dat Kores die Israëliete toegelaat het om weer terug te keer na hulle land toe (vgl. ook Albertz 2003:121; 1994:444). Volgens Wellhausen (2004:333) was dit nie die meerderheid ballinge wat na Juda toe teruggekeer het nie, die meerderheid het agtergebly. Wellhausen bereken die getal Jode wat teruggekeer het op 42 360. Met die Israëliete se terugkeer het hulle nie oor die hele land gaan woon nie, maar het die meeste hulself gevestig rondom Jerusalem. Groot dele van Juda was beset deur buitelanders wat die ontvolkte dele tydens die ballingskap beset het. Die Samaritane, wat met die Israëliete wat agtergebly het vermeng het, het ook groot dele van die land bewoon. Die Samaritane was bly om die teruggekeerde Israëliete te sien en hulle is vriendelik ontvang. Jare lange godsdienstige isolasie in Babilon het die Israëliete egter geleer om hulle teen vreemde invloede te verset. Hulle verwerp die Samaritane en beskou hulle nie as ware Israëliete nie. Slegs mense wat hulself en hulle voorouers kon identifiseer as behorende tot die ballinge, is as ware Israëliete beskou.

Die langverwagte herstel van die koninkryk soos wat dit bestaan het onder koning Dawid realiseer nie vir die teruggekeerde ballinge nie en hulle word steeds oorheers (Albertz 2003:133-138 gee vyf sosiale veranderings wat plaasgevind het in Israel as gevolg van van die ballingskap). Die keer is dit deur die Perse wat dit vir die Israëliete nog erger maak as onder die Babiloniërs. Weereens voel die volk dat God hulle straf en dat hulle oortredings nog nie vergewe is nie. Dit is eers in die jare 520 v.C. tydens die profete Haggai en Sagaria dat daar verligting kom en dat daar begin kan word met die herbou van die tempel. Die tempel is in 516 v.C. voltooi en was vir die volk van deurslaggewende belang. Hulle kon nie meer oor hulself regeer nie en omdat hulle nou 'n geloofsgemeenskap geword het waarin hulle hulle identiteit in hulle godsdiens kon behou, was die tempel van groot belang.

Deuteronomium word die handboek waarvolgens die nuwe teokrasie gebou moes word. Gou was dit duidelik dat daar nie sprake kon wees van 'n koninkryk met 'n koning wat oor hulle regeer soos in die tyd van koning Dawid nie. Die Perse was die heersers. Die logiese gevolgtrekking was dat die regering 'n godsdienstige een sou wees waar die tempel die middelpunt sou wees. Die hoëpriester word nou die belangrikste persoon in hierdie hiërokrasie en vervul die rol van die koning tydens die teokrasie. Die hoëpriester se ampsgenote word die Leviëte van die ou Jerusalem en wat kan bewys dat hulle uit die nageslag van Sadok stam. Al die ander Leviëte word gedegenerer tot 'n laer rangorde en word verlaag tot die vlak van tempeldienaars. Dit geskied volgens die wet van Esegël in Esegël 44.

Die teruggekeerde Jode se omstandighede verbeter nie. Hulle word deur hulle bure vyandig behandel vanweë hulle eksklusiewe houding en die Perse behandel hulle ook met agterdog. Dit veroorsaak 'n gees van depressiwiteit onder die inwoners. Daar word nou krities gekyk na die streng godsdienstige reëls waaraan hulle hulself onderwerp en vra of dit regtig die moeite werd is, aangesien dit nie lyk of *Jahwe* daardeur beïnvloed word nie. Die priesters het ook nie veel gedoen om hierdie kritiese gees aan te spreek nie en daar was 'n werklike gevaar dat die Joodse geloof deur die heidense praktyke verswelg kon word (Wellhausen 2004:334).



'n Nuwe wending breek egter aan met die verskyning van Esra, die skrifgeleerde in 458 v.C. Hy keer terug uit Babilon met 'n klomp Jode met die uitsluitlike doel om die Jode in Palestina te kom versterk in hulle geloof. Hy bring ook volgens Wellhausen (2004:334) 'n verdere uitbreiding van die Wetboek saam wat in Babilon langs die van Deuteronomium ontstaan het. Hy kom ook op gesag van die koning van Persië om die Joodse gemeenskap godsdienstig te hervorm in oorlog met hierdie Wetboek van God.

Esra het by sy aankoms in Jerusalem nie dadelik die nuwe Wet aan die inwoners verkondig nie. Die rede hiervoor is onseker, maar dit wil voorkom of die plaaslike regeerders dit nog nie self goedgekeur het nie. Esra se eerste stap is dan ook om die ware Israel te skei van die heidene en die Israëliete wat tydens die ballingskap met die heidene in Palestina vermeng het (vgl. ook Morgan 1990:32-33). In 445 v.C. keer Nehemia uit Babilon terug na Palestina en word deur die Persiese koning, Artasasta, as goewerneur oor Juda aangestel. Hy verander die omstandighede van die Jode in Palestina en saam met Esra word die nuwe Wetboek aan die volk bekendgestel en in gebruik geneem. In 444 v.C., op die stadsplein in Jerusalem, word die Wetboek deur Esra en 'n paar Leviete aan die volk bekendgestel en aanvaar (vgl. ook Albertz 1994:466; Gerstenberg 2005:82-85 ). Die volk het die inhoud van hierdie Wetboek aanvaar en hulle aan die Wetboek se gesag onderwerp. Spesiale klem word gelê op die dankoffers wat deur die gewone mense aan die priesters betaal moes word vir hulle onderhoud.

Hierdie wetboek was volgens Wellhausen (2004:335) die Pentateug soos ons dit vandag het, al kon daar ook later kleinere veranderings plaasgevind het (vgl. ook Clines 1982:97). Hierdie Wetboek word nou die gesagvolle Woord wat die riglyn word vir die Joodse geloof. Die Priestergeskrif, wat nou deel was van die Wetboek, word gekenmerk deur die klem wat geplaas word op die skenkings wat aan die priesters gedoen moes word en ook die onderskeid wat getref word tussen die priesters, as afstammeling van Aaron, en die gewone Leviete. Hierdie onderskeid kan herlei word na die gewone Leviete wat nog op die hoogtes geoffer en aanbid het en die priesters wat in Jerusalem diens gedoen het en versoening vir die volk se sondes gedoen het.

Dit het dan ook aanleiding gegee tot die klem wat geplaas is daarop dat offers en aanbidding slegs in Jerusalem en in die tempel mog plaasvind. Dit was ook die taak van die priesters om hieroor toesig te hou en die aanbidding te reguleer. Alhoewel dit van die regulasies van Deuteronomium verskil, word Deuteronomium die aanloop tot hierdie nuwe bepalings. Ook word daar duidelik in die Wetboek nou verwys na die volk en word prominensie aan die tempel in Jerusalem verleen. Die Wetboek en die aanvaarding van die Wetboek deur die volk was volgens Wellhausen (2004:336) een van die belangrikste redes dat Israel se godsdiens die onstuimige tye oorleef het van die Griekse-Romeinse era. Tydens hierdie era het talle godsdienste en nasionaliteite in die Nabye-Ooste uitgesterf en verdwyn. Deurdat Israel toegewyd gebly het aan sy godsdiens en hom bly verbind het aan die Wetboek kon sy godsdiens oorleef en het dit vir die nageslag en die wêreld behoue gebly.

Oor die geskiedenis van die Joodse gemeenskap in Palestina onder die regering van die Perse bestaan daar omtrent geen inligting oor nie (vgl. ook Albertz 2003:119-120). Oor die hoëpriesters wat aan die hoof gestaan het van godsdiens in Jerusalem het ons net die inligting wat ons vind in Nehemia 12:10-11; 22.

#### 4.2.11 Judaïsme en die Christendom

Die na-Deuteronomistiese wetboek was gerig tot die gemeente in Jerusalem en die doel was volgens Wellhausen (2004:337) om die godsdiens van Israel te reguleer. Die hiërokrasie word die regeringsmodel aanvaar. Die hoëpriester neem nou die plek in van die koning en die ander amptenare en Leviëte is ondergeskik aan hom, net soos wat die koning se amptenare ook aan die koning ondergeskik is. Die profete het reeds voor die ballingskap begin met 'n hervorming van die godsdiens van Israel om dit te reinig van enige heidense invloede. Hierdie hervorming word nou voortgesit en by uitstek was dit 'n hervorming van die kultus van Israel. Voor die ballingskap het die klem geval op die bring van offers en die viering van feeste tot eer van Jahwe.

Na die ballingskap is begin glo dat *Jahwe* nie meer waarde heg aan hierdie praktyke nie en dat *Jahwe* nou belangstel in die individuele toewyding van mense aan Hom (vgl. ook Gerstenberg 2005:255).

Die klem verskuif nou na die nakoming van die wet. Op hierdie manier word verseker dat elke individu 'n rein lewe voor *Jahwe* leef, omdat daar nou geglo is dat dit is wat *Jahwe* van sy volk verwag. Hierdie siening het sy aanvang in die ballingskap en het Judaïsme gehelp om te oorleef ten spyte daarvan dat dit omring was van heidense praktyke. Die fokus het nou geval op 'n heilige lewe voor God waar die doel nie was om goed te doen nie, maar om die sonde te vermy. Die hele lewe was nou gekenmerk deur 'n klomp wette wat gevolg moes word en dit het die individu gehelp om van die sonde en sy eie begeertes weg te skram. Alhoewel dit vandag lyk na 'n verskriklike las wat op die volk geplaas was, was dit glad nie so deur die mense ervaar nie. Bevryding van aardse sonde en laste het juis gelê in die nakoming van die Wet en hoe meer dit beoefen is, hoe makliker het dit geword om te onderhou.

Hierdie benadering tot Israel se godsdienst het ook beteken dat daar nou begin is om oor geloofsaspekte na te dink. Dit is dan ook tydens hierdie periode dat die "wysheid" na vore kom en dat boeke soos Job, Spreuke en Prediker die lig sien. Daar word ook beseft dat onderrig gegee moes word oor die wet en dat dit bestudeer moet word. Op die manier kan die wet van *Jahwe* in die harte en verstand van die mense begin leef. Die sinagoge was die plek waar die Wet en die Profete gelees en gelear is en dit gebeur op die Sabbat. Alles het begin wentel om die wet en hy wat die wet geken het, het nou na vore getree as die persoon wat kon besluit oor sake rakende die wet. So tree die Skrifgeleerdes op die voorgrond en word hulle die leiers van die gelowiges. Die onderskeid tussen dié wat goddelik lewe en dié wat nie so lewe nie word nou grootliks beklemtoon.

Die wet was volgens Wellhausen dié aspek wat die Joodse godsdienst sy spesifieke karakter gegee het. Hy beskryf dit, asook die atmosfeer van die Joodse gemeenskap aan die einde van die Ou-Testamentiese tydperk en net voor die aanbreek van die

Christendom, as volg: *“It was the law that gave the Jewish religion its peculiar character. But, on the other hand, a hope was not wanting to that religion; the Jews cherished the prospect of a reward for the fulfilling of the law. This hope attached itself to the old prophecies, certainly in a very fantastic way. The Jews had no historical life, and therefore painted the old time according to their ideas, and framed the time to come according to their wishes. They stood in no living relation with either the past or the future; the present was not with them a bridge from the one to the other; they did not think of bestirring themselves with a view to the kingdom of God. They had no national and historical existence, and made no preparations to procure such a thing for themselves; they only hoped for it as a reward of faithful keeping of the law. Yet they dreamed not only of a restoration of the old kingdom, but of the erection of a universal world-monarchy, which should raise its head at Jerusalem over the ruins of the heathen empires. They regarded the history of the world as a great suit between themselves and the heathen. In this suit they were in the right; and they waited for right to be done to them. If the decision was delayed, their sins were the reason; Satan was accusing them before the throne of God, and causing the judgment to be postponed. They were subjected to hard trials, and if tribulation revived their hopes, with much greater certainty did it bring their sins into sorrowful remembrance. Outward circumstances still influenced in the strongest way their religious mood (2004:339)”*.

Wellhausen (2004) gaan vanaf p.343 voort om die die geskiedenis van Israel ook in die Nuwe-Testamentiese tydperk en daarna te beskryf. Dit val egter buite die bestek van die Ou-Testamentiese tyd waarop hier gekonsentreer word en daarom sal daar nie verder daarop ingegaan word nie. Wellhausen se geskiedenis van Israel eindig dan ook met die Joodse diaspora in sy laaste hoofstuk. Wellhausen het in sy *Composition des Hexateuchs* literêr krities met die teks van die Ou Testament gewerk en in die proses ook die verskillende bronne afgebaken en geïdentifiseer (vgl. weer hoofstuk 3). Hierdie bronne gebruik hy om 'n geskiedenis van Israel te skryf.

### 4.3 Opsommende aantekeninge

In hierdie hoofstuk is daar na hierdie geskiedenis van Israel gekyk soos Wellhausen dit uiteengesit het in sy oorspronklike *Geschichte Israels 1*. Hierdie geskiedenis van Israel begin hy deur Israel binne die konteks van sy familiebande en die ander nasies te plaas. Volgens Wellhausen (2004:290) is Israel, Edom, Moab en Ammon familie van mekaar.

Israel se geskiedenis begin volgens Wellhausen (2004:290) met die verskyning van Moses. Moses lei 'n stam van Israel uit Egipte uit en hulle vestig hulle in die omgewing van Kades. Mettertyd het ander stamme met hierdie stam vermeng en 'n groter stam geword. Die beskikbare grond word minder en die stamme begin uitbrei in die rigting van Palestina. Die vestiging van die stam Israel in Palestina tesame met ander stamme het oor etlike jare plaasgevind en daar is verskeie teorie oor hoe presies dit gebeur het (Wellhausen 2004: 292 en sien weer gedeelte in 4.2.1). Dit was Moses wat *Jahwe* aan Israel bekendgestel het en deur sy toedoen begin hulle om *Jahwe* as hulle God te aanbid. In hoofstuk 2 het Wellhausen (2004:298-303) die gevegte van die stamme in Palestina met die Kanaäniet beskryf en hoe dit gebeur het dat hierdie stamme hulle in Palestina gevestig het. Hy beskou die boek Rigters as 'n meer betroubare bron vir hierdie deel van die geskiedenis as Josua. Dit was te danke aan die Filistyne se bedreiging teen die stamme, dat die stamme begin het om saam te staan en daar ontwikkel ook 'n godsdienstige identiteit en band tussen die stamme. Saul slaag daarin om al die stamme te verenig en 'n koninkryk word gevestig. Die eerste drie konings van hierdie ryk is dan ook Saul, Dawid en Salomo (Wellhausen 304-309). Dawid word die persoon wat Jerusalem verklaar as die hoofstad van die ryk en wat Israel hoë hoogtes laat bereik.

Na die dood van Salomo het die ryk in twee geskeur. Tien stamme in die noorde vorm hulle eie koninkryk met sy eie hoofstad (Samaria) en kies hulle eie koning. Die twee stamme (Juda en Jerusalem) in die suide wat oorgebly het, vorm die koninkryk van Juda en Jerusalem bly die hoofstad.

In hoofstuk 5 het ons gesien hoe Wellhausen (2004:314-318) vir ons die gewone lewe in Juda en Israel beskryf, soos hy dit kon aflei uit die boeke van Rigters, Samuel en Konings. In hoofstuk 6 het Wellhausen (2004:318-322) die gebeure wat aanleiding gegee het tot die val van Samaria in 721 v.C., asook die vernietiging van die staat Israel, beskryf. In hoofstuk 7 tot 9 beskryf Wellhausen (2004:322-332) die gebeure in Juda tot en met die val van Jerusalem en die meegaande wegvoering van die inwoners na Babilonië as ballinge. Hy beskryf ook die opkoms van die profete en die rol wat hulle gespeel het en die begin van die hiërokrasie.

In hoofstuk 10 beskryf Wellhausen (2004:332-336) die lewe van die ballinge in Babilonië en die belangrike plek wat die onderhouding van die Sabbat en die besnydenis begin speel. Die terugkeer van die ballinge na Juda het egter nie onafhanklikheid ingesluit nie en steeds kon die Jode nie oor hulleself polities regeer nie. Die tempel en die hoëpriester vervang nou daardie behoefte en hulle word die godsdienstige regering wat oor die Jode regeer. Die tempel word die enigste plek waar geoffer mag word en Deuteronomium word die grondwet waarvolgens die Jode hulself godsdienstig regeer. In 444 v.C. gee Esra die Wetboek van Moses wat hy saamgebring het van Babilonië af, aan die volk (vgl. Venter 1987:48). Die volk aanvaar hierdie wet en onderwerp hulle ook daarmee aan die wetboek en die gesag van die priesterlike regering. Hierdie gebeurtenis is vir Wellhausen (2004:280) die begin van Judaïsme. In hoofstuk 11 beskryf Wellhausen (2004:337-345) die lewe in Israel onder die wet en die godsdienstige regering van die priesters in Jerusalem. Die konklusie waartoe hy gekom het, is dat dit die wet was, wat die Joodse gemeenskap sy unieke karakter gegee het.

Die bronne het hom nie net gehelp om 'n geskiedenis van Israel te kon skryf nie, maar deur die bronne langs mekaar te plaas en met mekaar te vergelyk, ontdek hy ook iets besonders. Hy sien dat daar verskillende stadiums in die geskiedenis van Israel was en dat daar 'n duidelike ontwikkeling in sy godsdien plaasvind vanaf die Jahwistiese bron na die Priestergeskrif. Hierdie ontwikkeling sal in meer detail in die volgende hoofstuk aangetoon word.

Die *Geschichte Israels I* verskyn in 1878 en 'n verwerking van hierdie onderwerp weer in 1883 onder die nuwe titel *Prolegomena zur Geschichte Israel*. Die *Prolegomena* word Wellhausen se grootste werk. Volgens Smend (2007:97) was daar sedert Strauss se *Leben Jesu* van 1835, nie weer 'n boek wat dieselfde impak gehad het as Wellhausen se *Prolegomena* nie. Wellhausen se *Prolegomena* word vir die studie van die Ou Testament wat Copernicus se *Revolutionibus Orbium Coelestium* (1543) vir die sterrekunde word en Darwin se *Origin of Species* (1859) vir die biologie. Wellhausen se *Prolegomena* het 'n geweldige reaksie ontlok by geleerdes en by die kerk en lei terselfdertyd tyd ook tot 'n krisis vir homself.